UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
17 NOV 1961
Klasnommer 2(68)
Registernommer H 52/8

Die Hervormer

Die Ecce Homostraat in Jerusalem

NOVEMBER 1961
Jaargang LII Nr. 8

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA

Amptelike Orgaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

By die Poswese as Nuusblad Geregistreer

BLINDEDERMONTSTEKING

Die Dr. Mullers-Blindedermmiddel

TYDENS die afgelope kwarteeu het die Dr. Mullers-Blindedermmiddel vrywel honderde lewens gered. Dit het duisende lyers in staat gestel om die doktersmes vry te spring. Hierdie middel het dit moontlik gemaak dat blinderdermlyers deesdae 'n deskundige behandeling kan ondergaan teen geringe koste.

KENTEKENS

(1) Pyn in die regtersy.
(2) Aangepakte Tong.
(3) 'n Temperatuur (koors) tussen 100 en 102 grade.
(4) Hardwording van die Maagwande.

Die *DR. MULLERS - BLINDEDERMMIDDEL* is verkrygbaar by aptekers teen 70c. per bottel of posvry van NORWOOD COAKER, POSBUS 89, LADYBRAND.

PNB 4095 AR

NUWE ONTDEKKING VERNUWE JEUGDIGE ENERGIE

Mense wat aan verlies van krag, senuagtigheid, swak liggaam, onsuiwer bloed, swak geheue en slapeloosheid ly en wat voor hul tyd afgemat, sat en lewensmoeg voel, sal met genoeë verneem van 'n nuwe ontdekking deur 'n Amerikaanse geneesheer.

Dié nuwe ontdekking maak dit moontlik om nuwe krag in u stelsel gou en maklik te vernuwe, om ryk, suiwer bloed te bou en u gedagte en geheue te versterk en om u soos 'n splinternuwe sikspens te laat voel. Die ontdekking wat 'n medisyne vir gebruik tuis is en in aangename tabletvorm beskikbaar is, begin inderdaad baie gou om nuwe energie en lewendigheid te bou, en nogtans is dit volkome onskadelik en heel natuurlik in werking.

So groot was die welslae van die nuwe ontdekking, wat Higaion genoem word, dat dit tans by alle aptekers verkrygbaar is. M.a.w. Higaion laat'u vol lewe en energie voel en maak u jare jonger. 'n Spesiale botteltjie van 48 tablette kos min. Kry vandag nog Higaion by u apteker.

Sing in die reën

Mens kan die reën terdeë geniet as jy daarop voorberei is. 'n Sambreel, 'n hoed, 'n jas — en jy's reg. Suksesvolle, gelukkige mense is diegene wie dinge vooruit beplan en nie die noodlot te veel kans gee nie. Motor, seiljag, reis oorsee, huis, universiteitsgelde, inkomstebelasting — Dis glad nie onmoontlik nie. Baie mense het dit reeds. As u dit nog nie het nie, beplan daarvoor en maak gebruik van die volgende beleggingsfasiliteite by SAAMBOU:

SPAAR (rente op daaglikse saldo)
VASTE DEPOSITO'S (termyne 1 tot 5 jaar)
ONBEPAALDE TERMYN-AANDELE
VASTE TERMYN-AANDELE
SUBSKRIPSIE-AANDELE
HUISLENINGS OOK ALTYD BESKIKBAAR

(PERMANENTE) SAAMBOU BOUVERENIGING
Hoofkantoor: Posbus 4180, Kaapstad
WAAR U TUIS VOEL

V&R 2975/

NOVEMBER 1961

Jaargang LII Nr. 8

Amptelike orgaan van :
Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

(Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad)

Die Hervormer

Posbus 171 - Foon 660-5916/7
K R U G E R S D O R P

Gedruk deur :
N.H.W. Pers — Humanstraat 55, Krugersdorp,

en uitgegee deur :
Die Ned. Herv. Kerk van Afrika.

Intekengeld :
75c. PER JAAR

Redakteur :
Ds. Joh. Dreyer, Van Riebeeckstraat 97, Potchefstroom.

Redaksie :
Mev. Marie Dreyer; prof. dr. P. S. Dreyer; dr. J. I. de Wet; drs. L. M. le Roux; ds. G. J. J. Roos en prof. dr. F. J. van Zyl.

Advertensies en Adresveranderings : (vermeld sowel ou as nuwe adres)
moet aan **Die Advertensiebestuurder,** „Die Hervormer" Posbus 171, Krugersdorp, geadresseer word.

Adres „Vroue-Rubriek":
Mev. Marie Dreyer, Lynnwoodweg 105, Brooklyn, Pta.

Adres „Rubriek vir die Jeug":
Drs. L. M. le Roux, Sussexlaan 421, Lynnwood, Pretoria.

Die blad verskyn in die begin van elke maand. Stukke vir publikasie moet die Redakteur nie later as die **eerste dag** van die voorafgaande maand bereik nie.

EENHEIDSTREWE

OP elke terrein van die hedendaagse lewe is daar 'n strewe na eenwording.

Dit openbaar hom in die handel, die ekonomie, die industrie. Groot firmas word een om nog groter te word. Maatskappye slaan die hande inmekaar om finansiëel nog sterker te word. 'n Europese mark word gevorm om allerhande onnodige hinderpale tot groter ontplooiing uit die weg te ruim.

Dit kan ook gesien word op politieke gebied. Verskillende state sluit alliansies om op dié wyse sterker te staan. Sogenaamde blokke word gevorm, soos dié van die Noord-Atlantiese Verbond, die Afro-Asiatiese state e.a.

Hierdie eenheidstrewe is ook op die gebied van die kerklike lewe niks nuuts nie, „families" van kerke stig 'n bond wat hulle saambind, soos die Bond van Hervormde Kerke of Presbiteriaanse Alliansie, die Bond van Lutherse Kerke, die Bond van Methodiste Kerke.

Maar hierdie strewe tot eenheid is nog nie al nie. Bo en behalwe die bogenoemdes is daar die nog groter blokvorming van ons twintigste eeu. Op die eersgenoemde gebied is daar die twee groot stelsels : die kapitalistiese en die kommunistiese. In die tweede geval is daar die blokvorming van die Westerse nasies aan die een kant en die kommunistiese blok aan die ander kant. En in die derde geval is daar die kerk van Rome as een groot magtige organisasie, en die res van die Christendom saamgesluit vir die grootste gedeelte in die Wêreldraad van Kerke. ...

Die eenheidstrewe is in die kern soms 'n strewe na mag.

Die vraag kan gestel word : Moet ons hierdie strewe NA MAG ook soek by die kerk? Die geskiedenis van die kerk antwoord hierop helaas bevestigend. Die kerk van die Here bestaan immers ook uit mense, wel begenadigde mense, maar terselfdertyd ook sondige mense wat al te dikwels swig vir die stem van verleiding : As jy neerval en my aanbid, sal ek jou die koninkryke van die wêreld met al hierdie mag en heerlikheid gee (Luk. 4:5, 6).

● *Blaai om*

OORDENKING

● *Vervolg vanaf bladsy 2*

wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek vir julle sê is gees en is lewe". Joh. 6:63. „Waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie". 2 Thes. 2:14. So verkondig Hy Sy woord deur Sy diensknegte terwyl die Gees die lewendmaker is.

„In die eenheid van die ware geloof," sê die Kategismus. Nie eenheid deur die Rooms-Katolieke priester, nie eenheid deur dieselfde erediens, tradisie en lewensrigting nie, maar eenheid deur die ware geloof.

„Van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe". So is die gelowiges van die Ou Verbond ook hierby inbegryp. Ja, almal met wie God 'n verbond gesluit het. So vergader Christus op die aarde en bring Hy saam in die hemel.

Die sigbare kerk word geken aan sy belydenis, erediens en organisasie. Die onsigbare kerk word geken aan sy geloof, sy hoop, sy doop, sy Here, die God en Vader wat hy aanroep. Die lidmate van die onsigbare kerk is nie begrens deur 'n kerkgebou nie. Dit is nie die som van die gedooptes nie. Die kerk wat ons elke Sondag bely, is die kerk wie se lidmate een is in en deur Jesus Christus.

„En dat ek daarvan 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly". In die kerk het ons kennis gemaak met dooie lidmate, met geveinsde lidmate en met lewende lidmate. Met hulle het elke plaaslike gemeente daagliks te doen.

Die dooie lidmate is dié wat onverskillig staan teenoor die waarheid en wie se geloof 'n geloof van die verstand is en nie van die hart nie. „Julle het die naam dat julle leef en julle is dood". „Die dooie ranke is vir die vuur". Die geveinsde lidmate is hulle wat die Naam van die Here altyd in hulle mond het en alleen weet om met gesag oor die ewige dinge te spreek, maar nog nooit het hulle met die sonde gebreek nie. „Nie elkeen wat vir My sê Here, Here ! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is." Dit is die mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.

Die kerk wat ons egter bely, is die kerk wie se lidmate ware en lewende lidmate is. Hulle is die geheiligdes en deur God bemindes; die uitverkorenes met die ware en lewende geloof in die hart. Dit is hulle wat erken word aan die goeie vrugte wat hulle dra. Dit is die heiliges en geliefdes, wat hulle beklee met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid. Dit is hulle wat mekaar verdra en mekaar vergewe. Dit is die lidmate wat hulle bo alles beklee met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.

Dit moet ons glo van die kerk wat ons bely. En dit kan ons eers waarlik glo en opreg bely as ons glo dat ons van die kerk 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly. Mag God gee dat ons altyd lewende lidmate van Sy kerk bevind mag word. En mag ons lidmaatskap deur die wêreld gesien word aan die een Gees wat daar in ons is, aan die een hoop, die een Here, die een geloof, die een doop, die een God en Vader van ons almal wat oor ons almal en deur ons almal en in ons almal is.

—— AMEN ——

— *J. F. Mouton.*

BLANKE LEERKRAGTE VIR BANTOE-ONDERWYS

Die Departement van Bantoe-onderwys oefen vandag direkte of indirekte beheer uit oor nagenoeg 7,000 Bantoeskole in die Republiek van Suid-Afrika. Alle primêre onderwys en ook 'n gedeelte van die junior sekondêre werk word behartig deur sowat 25,000 Bantoe-onderwysers. Vir die meer gevorderde werk in senior sekondêre skole, onderwyseropleidingskole (opleiding na St. 8), tegniese skole, ambagskole en spesiale skole vir gestremdes, moet egter nog gebruik gemaak word van blanke onderwysers en instrukteurs. Daar is tans sowat 50 sulke skole.

Behalwe 'n inspektoraat van 53 blanke skoolinspekteurs, 6 inspekteurs van spesiale vakke en 6 organiseersters van Huisvlyt, het die Departement sowat 350 blanke onderwysers in diens. Hulle beklee poste as hoofde, vise-hoofde, senior assistente en assistente op die personeel van die inrigtings vir gevorderde en gespesialiseerde onderwys hierbo genoem. Daar is egter voortdurend vakatures in bestaande of nuwe poste waarvoor geskikte persone gevind moet word.

In die dae van Sendingskole (voor 1954) was daar altyd blanke onderwysers en onderwyseresse wat besield was met sendingywer en wat die sendingskool gekies het vir die vervulling van 'n roeping. Hierdie gewaardeerde leermeesters het baie bygedra tot die ontwikkeling en veredeling van die Suid-Afrikaanse Bantoe. Die betreklik hoë beskawingspeil en die goeie gesindheid wat vandag deur die oorgrote meerderheid van ons Bantoebevolking openbaar word, is grootliks die resultaat van hul getroue arbeid. Daar sou stellig veel meer Blankes gewees het wat hierdie arbeidsveld sou wou betree as hulle maar net van die geleenthede geweet het, en dan sou ons nog meer bereik het.

Die geleenthede is egter nog nie verby nie. Vir onderwysers wat wil aansluit by die groot en uiters belangrike werk wat deur die Departement van Bantoe-onderwys gedoen word, staan die deure nog wawyd oop. So dringend word hulle dienste benodig dat die Departement langs hierdie weg 'n beroep wil doen op elke onderwyser wat hom/haar geroepe voel, om sy/haar dienste aan te bied. Daar is vandag baie faktore wat verwarring in die gemoedere van die Bantoe laat ontstaan, en hulle het meer as ooit behoefte aan ons hulp en leiding. Hier is geleentheid om diens te lewer in belang van ons land en al sy bevolkingsgroepe. Vir diegene wat belangstel in deeltydse geestelike bearbeiding van die leerlinge wag daar ook gulde geleenthede.

In baie opsigte is aansluiting by Bantoe-onderwys vir blankes 'n opoffering en dit verg moed en druf; vir die meeste van ons sal dit een van die belangrikste besluite wees wat ons moet neem. Dit het egter ook sy aantreklikhede en voordele. Die meeste opleidingsinrigtings is by ou, interessante en geskiedkundige sendingstasies — sommige bietjie afgeleë, maar nie almal nie. Dan is daar die geleentheid om 'n intieme kennis op te doen van ons kleurryke Bantoebevolking en om hulle taal op natuurlike wyse aan te leer. Vir diegene wat ywer en bekwaamheid aan die dag lê, is daar vinniger bevorderingsgeleenthede as in enige ander onderwysdepartement. Woonhuise word teen 'n baie lae huurgeld beskikbaar gestel; dikwels met alle moderne geriewe.

Die salarisskale is aantreklik en kom hoofsaaklik ooreen met wat deur blanke onderwysdepartemente betaal word. Volledige besonderhede omtrent salarisskale sal op aanvraag deur die Departement verskaf word.

Die volgende is ook van belang:

Kennis van 'n Bantoetaal help baie maar is nie 'n vereiste nie.

● *Vervolg op bladsy 5*

Klag Teen Prof. Dr. A. S. Geyser

Soos ons lesers uit persberigte sal weet, het daar by die kuratorium, die kerklike liggaam wat o.a. toesig hou oor die onderwys en die lewenswandel van professore en ander dosente in die teologie, 'n klagskrif ingekom onderteken deur drie studente in hulle finale studiejaar. Hierdie klagskrif handel oor beweerde afwyking deur die betrokke professor van die leer van die kerk.

Hierdie klag het gedien voor die kuratorium, wat volgens die Kerkwet moet nagaan of dit nie in stryd is met die Wet en Bepalings, en nie van alle grond ontbloot is nie, om dit vervolgens deur te stuur na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir verdere behandeling,

Dit het die kuratorium reeds gedoen. Die kommissie wat nou verder daarop moet ingaan vergader D.V. op 24 Oktober en volgende dae in Pretoria. (Hierdie artikel is voor dié datum geskryf.)

Intussen, hoewel die saak „sub judice" is, dws. hangende die uitspraak, is daar in die Engelse pers reeds groot drukte oor gemaak gepaard met wilde bewerings, onjuiste voorstellings en vergesogte voorspellings. Selfs buitelandse persone se opinies is oor die telefoon ingewin en sake is bygehaal wat nie by die klag hoort nie. Op grond van hierdie eensydige berigte het sommige koerante en persone al hulle oordeel oor die kerk gevel.

Ons lesers moet hierdie berigte maar nie ernstig opneem nie, juis omdat hulle eensydige voorstellings gee en van daardie bepaalde koerante kom wat, sover ons weet, nog nooit een keer in die geskiedenis sedert die vorige eeu iets goeds van die kerke van die Afrikaansprekende deel van ons bevolking geskryf het nie. Hulle word in die reël verdag voorgestel en met hulle en hulle sienswyse en besluite word gewoonlik fout gevind.

Dit is reeds voorspel dat daar 'n skeuring in die Hervormde Kerk sou kom as gevolg van die saak, ja sommer in al drie die Afrikaanse kerke. Ook sal moontlik deur die Nederlandse Herv. Kerk die band met ons kerk verbreek word. Hierdie sensasieberigte uit 'n bepaalde hoek laat 'n mens dink aan die gesegde : die wens is die vader van die gedagte.

Waar het 'n mens dit in jou lewe gesien dat 'n kerk die broederband met 'n ander kerk breek omdat hierdie kerk 'n klag teen afdwaling in die leer gaan ondersoek? Ja, let op! Nie *nadat* dit ondersoek is en *omdat* miskien met die uitspraak daarvan fout gevind word nie, maar *selfs 'n paar weke voor die klag gedien het* voor die betrokke liggaam wat uitspraak moet gee.

Die beweerde dwaalleer gaan oor vier punte, tw.

1. *oor die Christologie, d.w.s. die leer oor die persoon en werk van Christus;*
2. *oor die ekklesiologie, d.w.s. die leer oor die kerk;*
3. *oor die antropologie, d.w.s. die leer oor die mens, en*
4. *oor die pneumatologie dws. die leer oor die Heilige Gees.*

Die drie studente meen afwykings te vind in die onderrig van die professor wat hierdie vier punte van die leer van die kerk betref. Verder is die klaers van oordeel dat hy volhard in verset deur woord teen die Wet en/of Bepalings van die Wet en/of die besluite van die kerk.

In hulle klagskrif gaan hulle op al hierdie punte in en toon aan uit die diktate van die professor, asook uit opmerkings van hom by punte onder bespreking in die klasse, dat hy na hulle oordeel die leer van die kerk geweld sou aandoen.

Die beoefening van leertug is vir die kerk altyd 'n moeilike probleem. Die Geref. Kerke in Nederland het dure ondervinding daarmee opgedoen en selfs twee keer skeuring daardeur gekry. Die Herv. Kerk in Nederland het aan die ander kant weer wrange vrugte gepluk, omdat die kerk in die verlede tugteloos was met die gevolg dat hy twee afskeidings gehad het en tien duisende lidmate verloor het wat weggegaan het, juis omdat die kerk dwaalleer in sy geledere geduld het.

Die Herv. Kerk van Afrika het ook al met afwyking in die leer te doen gehad. Die laaste geval was in 1911 toe teen 'n leraar opgetree is omdat hy die leer van die uitverkiesing verwerp het.

'n Christusbelydende kerk mag nie dwaalleer toelaat nie. Daaroor is die Woord van die Here duidelik. Op hierdie gebied is daar geen sprake van vryspraak nie. In die kerk van die Here mag iedereen nie leer wat goed is in sy eie oë nie. Trouens, elkeen moet voor hy toegelaat word tot die bediening in die Herv. Kerk, eers die Formule onderteken waarmee hy verklaar dat hy instem met die leer van die kerk, dat hy dit hartelik omhels en belowe om dit trou te sal leer en hom in alles aan die kerklike reglemente en aan die oordeel van die bevoegde kerklike liggame te onderwerp.

En as 'n dienaar van die Woord onder die beroep op die Woord van God in sy gewete beswaard voel oor die uitsprake van die kerk wat betrekking het op die belydenis, dan sal hy, ooreenkomstig art. 14 van die Bepaling vir die opleiding en vorming van die dienaars van die Woord, sy besware skriftelik en gedokumenteerd aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te beoordeling voorlê voordat hy op enige ander wyse openlik daarvan uitdrukking gee.

Die kerk het in elke geval waar 'n klag oor vermeende dwaalleer teen iemand ingehandig word, baie genade en wysheid van bo nodig om reg te kan laat geskied, sowel aan die aangeklaagde as aan die geestelike belange van die kerk.

— *Joh. Dreyer.*

—oOo—

Blanke Leerkragte vir Bantoe-Onderwys

● *Vervolg vanaf bladsy 4*

Medium van onderrig op sekondêre vlak is Afrikaans en Engels. 'n Universiteitsgraad is 'n aanbeveling maar nie noodsaaklik nie.

Hoofde van skole met blanke personeel is altyd Blankes.

Opgehoopte verlof en pensioenbydraes word oorgedra van u Departement na die Departement van Bantoe-onderwys.

Persone wat belangstel word vriendelik uitgenooi om aansoek te doen by: (Noem tipe pos verlang).

DIE SEKRETARIS,
Departement van Bantoe-Onderwys,
Privaatsak 212,
PRETORIA.

(Onderskrif deur die Redakteur: Op versoek van die Sekretaris van die Departement van Bantoe-Onderwys plaas ons bostaande berig.)

PYN IN DIE RUG
SENUWEEAGTIG, RUMATIES?
Die verkeerde soort voedsel en drank, kommer, te veel werk en herhaalde verkoues ooreis dikwels u niere, en nier- en blaaskwale kan die oorsaak wees van oortollige suur, die feit dat u snags moet opstaan, pyn in die bene, senuweeagtigheid, duiseligheid, opgeswelde enkels, rumatiek en opgeswelde ooglede. In sulke omstandighede voel u oud voor u tyd. Help u niere om u bloed met Cystex te suiwer. Die heel eerste dosis begin u niere reeds help om van die oortollige suur ontslae te raak—en binnekort voel u soos 'n nuwe mens. Koop Cystex vandag.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Vier Eeue Oud

I. INLEIDING.

a) Die Drie Ekumeniese Belydenisse.

Saam met die kerk van alle eeue bely ons kerk haar geloof in die Drieenige God en Sy heilswerk. Wat hierdie algemene, ontwyfelbare, christelike geloof is, is skriftelik saamgevat in die drie ekumeniese belydenisse, naamlik

(1) die Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels,

(2) die Geloofsbelydenis van Nicea, en

(3) die Geloofsbelydenis van Athanasius.

Die bekendste van hierdie drie is ongetwyfeld die Twaalf Artikels, eerstens omdat dit elke Sondag met die hoofdiens voorgelees en bely word, en tweedens omdat die Heidelbergse Kategismus en die Die Kort Begrip grotendeels 'n uitleg daarvan is.

b) Die Drie Formuliere van Enigheid.

Behalwe hierdie drie genoemde ekumeniese belydenisse, het ons kerk (saam met die twee susterkerke, die Nederlandse Hervormde Kerk en ander kerke wat uit haar voortvloei) nog drie besondere belydenisgeskrifte, naamlik

(1) die Nederlandse Geloofsbelydenis (opgestel 1561),

(2) die Heidelbergse Kategismus opgestel 1563) en

(3) die Leerreëls van Dordrecht (opgestel 1618-1619).

Hiervan is die Heidelbergse Kategismus, waaruit baie van ons ouer lidmate nog gekatkiseer het en waarvan die Kort Begrip 'n verwerking is, seker die bekendste, juis omdat dit direk of indirek as leerboek vir die katkisante gebruik is en word. In hierdie drie besondere belydenisgeskrifte lê die genoemde kerke die ou belydenisse breedvoeriger uit en word daar ook dikwels nuwe hoofpunte van die geloof, op grond van die Bybel geleer en bely. En alhoewel die Heidelbergse Kategismus die bekendste van hierdie besondere belydenisgeskrifte is, en alhoewel dit makliker onthou kan word omdat dit opgestel is by wyse van vraag en antwoord, wil dit tog nie sê dat die Nederlandse Geloofsbelydenis (wat vanjaar vierhonderd jaar oud is) van minder belang is as die Heidelbergse Kategismus nie. Inteendeel, in die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons 'n groot skat van hervormde leer en belydenis, dikwels ook oor geloofspunte waaroor die Heidelbergse Kategismus nie praat nie, of nie so uitvoerig praat nie. Omdat die Heidelbergse Kategismus in die vorm van kort vrae en antwoorde opgestel is, kan dit dikwels nie so diep ingaan op die hoofpunte van ons kerk se geloofsbelydenis nie. Hier het die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n voorsprong. Elke artikel kan uitvoerig en in 'n breër samehang die geloofspunte behandel. En alhoewel ook die Heidelbergse Kategismus die gees van die groot kerkhervormer, Calvyn, adem, kom die gedagtes van Calvyn baie direkter in die Nederlandse Geloofsbelydenis tot uitdrukking, omdat dit in sy ontstaan direkter onder die invloed van Calvyn gestaan het. Hieroor praat ons later meer. In elk geval, die Nederlandse Geloofsbelydenis het geen geringe aandeel gehad om die Calvinistiese stempel op die lewe en denke van ons kerk, ons moederkerk en die susterskerke af te druk nie. 'n Mens dink onwillekeurig aan artikel 16 waarin die uitverkiesing bely word en aan artikel 36 waarin daar belydend gespreek word oor die amp van die burgelike owerheid.

c) Enkele Karaktertrekke van die Kerklike Belydenis.

Kerklike belydenis is meer as net die rustige uitspreek van die geloofswaarhede op grond van die Bybel. Dit is natuurlik wel waar dat die enigste grond, fondament en toetssteen van die geloofswaarhede wat ons bely, die Heilige Skrif sal wees. Vir die Kerk is belydenis van hierdie geloofswaarhede egter nie 'n saak van rustige konstatering van sekere waarhede wat gelykstaan met ander waarhede nie. Vir die kerk is belydenis die uitspreek van die geloofswaarheid as *lewens*waarheid omdat die kerk nie durf swyg nie, al word die belyder ook gedreig met die liggaamlike dood. Die egte belyder verkies die liggaamlike dood bo die swye, want hy weet dat as hy swyg, sy siel skade sal ly en dit sal uitloop op die ewige dood.

i) Die egte belyder voel dat as hy so swyg, dan sal dit verraad wees teenoor *die waarheid van God.* Heel dikwels ontstaan die kerlike belydenis as reaksie van die kerk teenoor die onwaarheid, teenoor die kettery. Dit is nie so dat iemand eendag rustig gaan sit om nou uit die Bybel 'n kerkilke belydenis op te stel nie. Dit is dikwels veeleer so dat daar ketters is wat die onwaarheid, die dwaalleer, as die enigste waarheid leer. Dit is dan dat die kerk vanuit die Bybel daardie kettery weerspreek deur die waarheid van God te bely. Die kerk voel dat indien die kerk sou swyg, dan sal die kerk die waarheid van God verraai. Dit is daarom dat baie punte waaroor die kerk belydend gespreek het, strydpunte was, soms vir eeue. In hierdie stryd het die waarheid van God uitgekrisfaliseer en die kerk moes, ter wille van God's waarheid, spreek.

● *Vervolg vanaf bladsy 25*

RASSEBELEID VAN DIE KERK

Besluit van die Alg. Kerkvergadering

Deur sekere berigte na die buiteland, met name na Nederland, is die indruk geskep dat die Algemene Kerkvergadering sou geweier het om die rasseskeiding in Suid-Afrika soos voorgestaan deur artikel III van die Kerkwet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, aan 'n ondersoek deur die Skrif te onderwerp.

Hierdie voorstelling is nie juis nie en gee, soos meer ander berigte oor ons land, 'n eensydige voorsteling van sake. Die teendeel van hierdie voorstelling is waar, soos uit die feite sal blyk.

Die omstrede artikel waaromtrent soveel stof opgejaag is, lui soos volg:

> *„Die kerk, bewus van die gevare wat vermenging van Blank en nie-Blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van volkskerke onder die verskillende (nie-Blanke) volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here: Maak dissipels van al die nasies, Mattheus 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Ned. Herv. Kerk van Afrika behoort daarom slegs blanke persone."*

Hierdie artikel het in die jongste tyd die penne nogal in beweging gebring en baie kritiek uitgelok. Hierdie kritiek is in kerklike vergaderinge uitgespreek, maar ook op die kansel en die kateder en ook in die openbare pers. En dit het veel ontevredenheid verwek in kerklike kringe dat die toevlug vir hierdie kritiek geneem is tot die kansel en die kateder, maar veral omdat sekere politieke koerante, en veral dié wat altyd met die Afrikaanssprekende kerke fout vind, vir dié doel uitgesoek is.

Die kerk het nie stil gesit wat die rassevraagstuk betref nie. 'n Paar jaar gelede is op versoek van die predikantebroederkring van Pretoria die vraagstuk ondersoek by die lig van die Heilige Skrif. Die professor wat Ou Testament doseer, het nagegaan wat die boeke van die Ou Verbond daaroor leer, en die professor wat die Nuwe Testament doseer, het opdrag gekry om die vraagstuk aan die lig van die Nuwe Verbond te onderwerp. Die resultate van die studies is breedvoerig bespreek op die predikantevergadering van 1958.

Daarna is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n kommissie van vyf van die bekwaamste professore en predikante benoem om 'n uitgebreide studie te maak oor artikel III van die Kerkwet aan die hand van die Woord van God.

Hierdie kommissie het sy taak breed opgevat en 'n dik rapport opgestel wat die betrokke artikel van alle kante benader. Dit behandel die artikel punt vir punt. Deel I daarvan gaan in op gelykstelling, vermenging, diskriminasie. Dit handel oor Nieu-Testamentiese voorbeelde en oor die opvattings van die nie-Blanke kerk. Deel II gee aandag aan die stigting van volkskerke en die Nieu-Testamentiese getuienis. Deel III gaan in op die eenheid van die kerk, die gemeenskap, die sigbare en onsigbare kerk, die werkverdeling en die samehang van artikels III en IX van die Wet en artikels 5 en 8, hoofstuk IV van die Bepalings.

Hierdie rapport en wat daarmee saamhang is buitengewoon breed en by tye ook diep bespreek op die Algemene Kerkvergadering van Maart l.l. Dit het 'n paar dae in beslag geneem. Die rapport is met 'n oorweldigende meerderheid aangeneem, terwyl 'n beskrywingspunt dat artikel III aan 'n kommissie van eksegete onderwerp moet word vir nadere ondersoek, as oorbodig deur die vergadering beskou is omdat 'n soortgelyke rapport net gedien het en temeer omdat uit die bespreking geblyk het dat die voorsteller onder eksegete verstaan alleen die manne wat Ou en Nuwe Testament doseer.

Met hierdie verwerping het die vergadering nie, soos deur sommige persone beweer word, geweier om die artikel en wat daarmee verband hou, aan die lig van die Woord te onderwerp nie. Nee, verre daarvandan. Die kerk het die vraagstuk juis aan 'n deeglike studie van bekwame teoloë onderwerp en dit deeglik bespreek. En die kerk weier nie om die artikel verder te laat bespreek nie, want die kerk is juis van oordeel dat die laaste woord oor die uiters moeilike vraagstuk nog nie gespreek is nie.

In sy aangenome besluit oor die aangeleentheid kom dit tog duidelik uit dat die vergadering verder ondersoek verwelkom. Ons wil graag die aandag in besonder vestig op die paar reëls wat ons onderstreep het in punte b en d V. Volgens die laaste punt dra die kerk dit aan *elkeen* van sy ampsdraers en lidmate op om langs die weg deur die kerk daarvoor bepaal, *voortdurend* besig te wees met die bestudering en ondersoek van die ganse inroud van die Bybel en die betekenis daarvan vir die hele lewe van die kerk in hierdie land.

Die woorde „langs die weg deur die kerk daarvoor bepaal", sowel as die woorde in punt b. „behalwe wanneer dit geskied by wyse van gesprek" op die verskillende kerklike vergaderinge, toon wel dat daar 'n sekere beperking is. Dit het die kerk besluit om te voorkom dat die toevlug vir diskussie oor hierdie aangeleentheid geneem word o.a. na die openbare pers, sommige waarvan dit uitbuit teen die kerk en dit op sensasionele wyse op die politieke lyn laat beland.

Die besluit van die vergadering lui soos volg:—

1. Die kerk aanvaar heelhartig sy primêre apostoliese taak om die evangelie van die koninkryk aan alle volke en tale en nasies te verkondig.
2. In die aanvaarding van sy apostoliese taak beskou die kerk dit as sy verantwoordelikheid om sorg te dra dat die verkondiging van die evangelie ongehinderd sal voortgaan en nie gestrem of verydel sal word deur 'n optrede wat

● *Vervolg op bladsy 12*

ONS KERKWAPEN
in KLEUR
(soos op die omslag van Junie 1961 se Hervormer)
GEDRUK OP KARTON SODAT DIT GERAAM KAN WORD.
GROOTTE 8" x 10"
★
Bestel dadelik — Slegs 'n beperkte hoeveelheid beskikbaar
★
PRYS 10c. (1/-)
★
N.H.W. - PERS
Posbus 171
Krugersdorp

VRAEBUS

• Dankoffers op die Nagmaalstafel

VRAAG:

Oudl. D. E. H. Wolfaart van Bearonsfield vra waar die gebruik vandaan kom om 'n dankoffergawe onder die servette op die nagmaalstafel te plaas. Hy is van mening dat die tafel van die Here ontheilig word deur geld daarop te plaas, want die tafel wat met brood en wyn die gekruisigde liggaam en vergote bloed van Christus simboliseer, is „te heilig om jou dankbaarheid met geld daarop te betoon".

ANTWOORD:

Hierdie gebruik is eeue oud in die Reformatoriese kerke. Eeue gelede was die gebruik om silwerkomme vir dié doel te gebruik, en ek vermoed dat in ons land in die ou dae van hierdie mooi komme afgesien is omdat hulle daar nie was nie. 'n Halwe eeu en meer gelede was dit by al drie Afrikaanse kerke gebruiklik om 'n offergawe onder die servette te plaas. Die Herv. Kerk, wat in sommige opsigte nogal konserwatief is, het die ou gebruik behou.

As ek dit reg sien, lê die broeder se beswaar eintlik by sy verkeerde opvatting oor geld. Geld op sigself is nie onheilig nie, soos hy skyn te dink, en dit kan die tafel van die Here nie ontheilig nie. Daar is van ons mense wat sê : geld is die wortel van alle kwaad. Maar so is dit nie. Die Woord sê : „die geldgierigheid is die wortel van alle euwels" (I Tim. 6:10). Op sigself is geld onskuldig en niks meer as 'n ruilmiddel in die handel nie. Maar wanneer mense met geld behep word en dit bo alles begeer en najaag, dan word hulle geldgierig, en dan maak hulle van die geld 'n afgod, 'n mammon. In plaas daarvan dat hulle die baas is van hulle geld, word die rolle omgekeer en die geld word hulle baas.

Geld aan die Here geoffer, is heilig, en daarom kan daar geen beswaar daarteen wees om sulke geld op die dis van die Here te plaas nie. Dis nie 'n dankoffergawe aan die Here wat die tafel ontheilig nie, maar die geldgierigheid *van die hart* wat dit doen. Uit die hart, sê die Woord, kom daar bose gedagtes, moord, ens. (Mat. 15:19).

So was die tiendes wat Israel as offergawes vir die altaar van die Here bring *„heilige gawes"* (Numeri 18:29, 32).

• Andermaal oor die beroep van predikante

VRAAG:

Suster C. T. Basson van Luanshya, Noord-Rhodesië, is nie met ons eerste antwoord op hierdie vraag tevrede nie. Sy gaan weer daarop in. Sy kan nie verstaan dat 'n predikant sy gemeente in die byna herderlose Rhodesië verlaat en 'n beroep aanneem na 'n plek waar predikante 'n paar myl uitmekaar woon, en dan nog sê: ,God het geroep' nie. Soms, sê sy, is dit die leraar se vrou wat hom beweeg om 'n beroep aan te neem. Verder kla die suster oor „weelderige kerke en predikantswonings."

ANTWOORD:

Aan hierdie saak is daar duidelik twee kante. Eers is daar die menslike kant met die beroeping en met die aanneming van die beroep. Met die beroeping gaan dit al te menslik toe. Menslike oorwegings tel dan al te veel, bv. is dit 'n wakker dominee? Kan hy goed preek? Is hy vriendelik? Is hy fluks om huisbesoek te doen? Kan hy goed organiseer? Kan hy skuld afbetaal? Verder kom daar nog soms by een of meer kerkraadslede allerhande persoonlike oorwegings by, soos vriendskap, familie, miskien ook politiek. En dan word daar helaas ook nog soms propaganda gemaak vir 'n bepaalde predikant. Almal die gedoe van sondige mense wat weens hulle sondes en gebreke alleen van genade kan lewe, maar wat God ondanks hulle swakheid in Sy diens gebruik tot volvoering van Sy wil.

As ons nou alleen let, soos die insendster ook doen, op die een kant, die menslike kant van die saak, dan is daar baie besware en kan 'n mens skepties word en vra: Het God met hierdie beroeping iets te doen?

En so is dit ook wanneer 'n beroep aangeneem word. Let 'n mens net op al die foute — miskien lyk die aanneming net na eie belang, miskien is dit eie belang en ook in die belang van die kerk dat dit aanvaar word — dan vra mens jouself af: Is hierdie predikant waarlik in sy hart oortuig dat hy deur die gemeente van God en so ook deur God self geroep is?

Maar so gesien, is dit maar net een kant van die saak. Daar is ook 'n anderkant, nl. die goddelike kant. God maak immers in Sy groot genade ook gebruik van die mens ondanks al sy swakheid. Ons sien dikwels net die mens en sy oorleggings en planne en knoeiwerk raak, maar agter al hierdie menslike oorwegings en swakheid en tekortkomings staan God, wat met 'n krom stok 'n reguit hou kan slaan. Daar is ook 'n goddelike kant aan beroeping en die aanneming daarvan. Hy laat volgens Rom. 8:28 alles meewerk ten goede vir dié wat Hom liefhet. So lei Hy met 'n magtige hand alle dinge na Sy heilige wil.

En as na ons menslike menings die beroeping 'n mislukking is en die beroepe predikant, wat onder aanroeping van die Naam van God beroep is, teenval, wat dan? Dan sien ons daaragter tog nog die hand van God. Sy weë is hoër as ons weë soos die hemel hoër is as die aarde. En as die beroepe predikant na ons

• *Vervolg op bladsy 11*

Ons het nou verhuis . . . .

. . . . na ons nuwe pragwinkel

QUEENSTRAAT 89

PRETORIA

(Hoek van Kerkstraat)

E. SCHWEICKERDT

— vir —

PRENTE, SKILDERYE OF VERFBENODIGDHEDE IS DIT DIE BESTE ADRES.

Foon 20331 **Posbus 697**

VRAEBUS

● *Vervolg vanaf bladsy 10*

mening te lank in sy gemeente bly of te gou 'n beroep aanneem, dan moet ons bedink die woord : Wie is die mens wat God rekenskap sal afeis van Sy goddelike doen en late? God gaan Sy weg en volvoer Sy plan dikwels gans anders as wat ons wil. Daarom, as 'n predikant teenval, dan is dit net soos in die geval van 'n huwelik. Hy moet nie alleen as van God gestuur, verdra word nie, maar in biddend opsien tot God verdra word totdat dit God behaag om hom weg te neem. En as hy baie meeval en te gou na ons sin vertrek, dan moet ons God dank vir die tyd wat Hy hom gegee het, net soos in die geval van 'n geliefde man of vrou, wat na ons menslike beskouing te gou deur die hand van God met die afsterwe weggeneem is.

Laat ons hierdie so moeilike vraagstuk met soveel voetangels en waaroms in die gebed voor God lê en vir die predikante gereeld voorbidding doen, te meer as hulle voor die moeilike beslissing van 'n beroep staan. Dit is — glo my, uit ondervinding weet ek dit — veel moeiliker as wat die suster dink wat die vraag gestel het, om in so 'n geval te weet wat die wil van God is en veel moeiliker om in so 'n geval eie sin en wil uit te skakel.

● Weeldrige kerke en pastorieë

Dieselfde suster keur weelderige kerkgeboue verstaan, weet ek nie. Be-

Wat die suster onder weelderige kerkgeboue verstaan, wet ek nie. Bedoel sy baie duur geboue? Moet die kerkgeboue volgens haar oordel goedkoper, kleiner, eenvoudiger wees? Indien wel, dan verstaan ek haar beswaar nie, want sover ek weet beantwoord al die kerkgeboue van die Herv. gemeentes in Noord- en Suid-Rhodesië hieraan. Indien sy moontlik die gedagte het op duur, kosbare kerkgeboue van ander kerke in daardie wêrelddeel, dan kla sy by die verkeerde adres. Sy moet daarmee rekening hou dat alleen die beste vir die Here goed is. Vir die huis van die Here gee ons almal altyd te min, te min ook as ons dink ons het baie gegee.

Het u al ooit gelees wat Dawid en sy volk vir die bou van die tempel gegee het? Volgens I Kron. 29:5-9 het Dawid persoonlik 3,000 talente goud (£24-miljoen) en 7,000 talente silwer (£3-miljoen) gegee. Toe het hy 'n beroep op die hele volk gedoen en hulle het „met 'n volkome hart vrywillig aan die Here gegee" (vers. 9) 5,000 talente goud (£40-miljoen), 10,000 darieke (£14,000) en 10,000 talente silwer (£4,500,000). Dit wil sê, Dawid het ongeveer £27-miljoen gegee en die volk ongeveer £58,500,000 Hierby kom nog 18,000 talente aan koper, en aan yster 100,000 talente, en verder nog die edelgesteentes. Die waardeberekening van hierdie Israelitiese geld is volgens prof. Van Selms se berekening in sy kommentaar op die Kronieke in „Tekst en Uitleg".

As die vok van Israel na die terugkeer uit ballingskap in die vermoeste land en in die puin van Jerusalem terugkom en nalaat, vanweë al hulle probleme om in eie behoeftes te voorsien, om die huis van die Here te bou (Haggai 1:4, 9), dan tref die tugtigende hand van die Here hulle. Wat hulle in hulle huise bring, blaas die Here weg (vers 9). Hulle arbeid was tevergeefs, want die seën van die Here rus daar nie op nie (vers 6). Die hemel het die dou teruggehou en die aarde sy opbrings (vers 10). Toe het op die roepstem van die profeet die volk gehoor gegee en die tempel gebou.

Wat die weelderige pastorieë betref, wil ons daarop wys dat vir 'n Christenmens is weelde nie geoorloof nie. Geen mens — en 'n Christenmens allermins — mag in weelde lewe nie. 'n Goeie pastorie hoef nie weelderig te wees nie, maar moet gerieflik wees en goed gebou en voorsien van die nodige geriewe. As die pastorie van die gemeente waar die suster woon, te weelderig is, moet die suster die kerkraad daaroor spreek, maar nog beter was dit as sy gepraat het toe dit deur kerkraad en gemeentevergadering goedgekeur is.

— *Joh. Dreyer.*

'N BLYWENDE INDRUK

Dit was Sondagoggend 9.30 vm., en stadig kom dominee met sy toga oor die skouer aangestap van die pastorie na die kerk waar 'n groepie kerkraadslede staan en gesels. Hy stoot die toga hoër op waar dit van die skouer afgly en word deur die groep in swart pakke met 'n „goeie môre, Dominee", gegroet. Toe hy hulle groet beantwoord, het hulle gehoor dat dit nie die vrolike en opgeruimde stem is wat hulle ken nie, maar hulle verstaan, want vanoggend lewer dominee sy afskeidspreek. Terwyl die groepie nog staan en gesels, kom 'n seuntjie met 'n taamlike pakkie aangestap en oorhandig dit aan die predikant, „Hier is 'n present, Dominee." „Wat is dit, boetie?" vra Dominee. „Kringgat-biltong, Dominee". Om 10-uur het die diens begin, en die preek was uit 'n gedeelte van Rom. 16.

Gedurende die diens is opgemerk dat in die vol kerk maar min persone was wat nie die sakdoek uitgetrek het nie. Na die diens het Dominee en sy gade plek by die hoofingang van die kerk ingeneem om elkeen 'n laaste handdruk te gee. Eerste kom die kindertjies, almal goed bekend en vir wie die pastoriepaar al so lief geword het soos hulle eie. Daarna die Trirénas en die Tritósas, vroue met wie hulle so baie saamgewerk het by gemeentelike samekomste. Dan die broeders, een van hulle oom Piet op sy wielstoel, die man vir wie Dominee daar in die hospitaal so baie besoek en gebid het. Hy neem die hand van sy predikant en omklem dit met albei syne, groet hom asof hy hom hier op aarde nie weer sal sien nie. En laaste kom die broeders kerkraadslede, sy medemedewerkers in Christus, met wie hy die lief en leed van die gemeente gedeel het. Op die kerkplein staan die mense in groepies en gesels. Eenkant staan Dominee en sy vrou woordeloos waar sy deur betraande oë kyk na die pragtige grasperk en roosbome, die netjiese en gerieflike pastorie waarvan sy self die grondplan opgestel het, en wat sy oor twee dae teen wil en dank moet ontruim om te voldoen aan die begeerte van haar man.

Langs hom hoor Dominee die stem van 'n vrou van sy ander gemeente in die kombinasie waar hy so baie by tuisgegaan het, die vrou wat so besorgd was oor die gerief van haar predikant. Langs haar is haar man, die ouderling wat met hom al duisende myle saamgery het na 'n Ringsvergadering of vir die bevestiging, of losmaking van 'n predikant in ander gemeentes van die Ring. Twee uur na die einde van die diens tel ek gou weer die voertuie op die kerkplein en merk dat van die 84 nog 79 daar staan, en het ek besef dat hierdie gemeente asook die Afrikanergemeenskap die hoogste agting het vir die vertrekende pastoriepaar.

In my 52 jaar het ek op geen begrafnis of op geen ander plek trane so vryelik gesien rol as op daardie Sondagoggend van 29 November 1959 te Lusaka toe ds. en mev. J. F. Mouton afskeid geneem het van hulle gemeente nie.

— G. van der Merwe Nkana.

(Omdat hierdie brief verlê geraak het daarom verskyn dit nou eers met ekskuus aan die insender. — Die Redakteur).

RASSEBELEID VAN DIE KERK

Besluit van die Algemene Kerkvergadering

● *Vervolg vanaf bladsy 9*

geen rekening hou met die situasie in ons land en in Afrika nie.

3. Uit geslagtelange ervaring met die kleursituasie in Afrika weet die kerk dat die vermenging van Blank en nie-Blank, veral op die terrein van die kerk, onberekenbare skade doen aan die verkondiging van die evangelie van Gods koninkryk.

4. Die kerk is daarvan oortuig dat as hy ter wille van die teenswoordige wêreldmening hom van sy beproefde weg sal afwend, die uitvoering van die apostoliese taak ten opsigte van alle bevolkingsgroepe geskaad sal word.

5. Daarom verklaar die kerk met groot nadruk dat artikel III van die Kerkwet en sy aanverwante Bepalings nooit bedoel was om 'n formulering of uitdrukking te wees van *'n leerstuk oor die rasse nie* en dit tans ook nie wil wees nie maar dat die kerk glo dat hy deur 'n werkverdeling van hierdie aard sy apostolaat die beste kan uitvoer.

Prof. dr. A. S. Geyser, prof. dr. A. van Selms en diegene wat dieselfde standpunt huldig, onderwerp hulle aan artikel III van die Kerkwet en die uitsprake van die vergadering.

Verder, gesien die feit dat uit die geslagtelange ervaring van die kerk met die kleursituasie in Afrika, die kerk besef dat die vermenging van Blank en nie-Blank, veral op die terrein van die kerk, onberekenbare skade doen aan die verkondiging van die evangelie van Gods koninkryk, dat alle ampsdraers, lidmate en liggame van die kerk nie die beleid van die kerk in dié verband sal teenstaan nie behalwe wanneer dit geskied by wyse van gesprek op die Algemene Kerkvergadering, Kommissie van die Algemene Kerkvergaderingring, Ringsvergadering en die Predikantevergadering.

Die vergadering het ook nog besluit om die volgende verklaring publiek uit te reik:

1. Die kerk glo dat alle mense, ongeag enige verskil van ras, kleur of geslag, van nature dood is in die sonde en doemwaardig voor God is.

2. Die kerk glo dat die ewige God en Vader van onse Here Jesus Christus Sy reddende genade in Jesus Christus geopenbaar het sodat elkeen wat in Sy Seun Jesus Christus glo, of hy Jood of Griek, barbaar of Skith, slaaf of vryman, man of vrou, of uit watter volk of groep ook al is, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe. Daarom aanvaar die kerk heelhartig sy primêre apostoliese taak om die evangelie van die koninkryk aan volke en tale en nasies te verkondig.

3. Om sy apostoliese taak volgens 'n verstandige werkwyse uit te voer hou die kerk rekening met die volkeresamestelling in ons land en in Afrika, en onderneem die kerk om hom verder met toewyding aan hierdie taak te wy.

4. Daarom bevind hierdie Algemene Kerkvergadering dat artikel III van die Kerkwet, wat 'n reglement is om die uitvoering van die apostoliese taak van die kerk ordelik te laat verloop — na insae in die rapport van die studiekommissie daarvoor benoem, en na aanhoring van die argumente ten gunste van beskrywingspunt 32 — nie in stryd is met wat die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte oor die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges leer nie, en ten beste rekening hou met die besondere situasie in ons land.

5. Die vergadering bevestig daarom weer sowel die goeie reg as die noodsaak van handhawing van artikel III van die Kerkwet; en dra daarom aan *elkeen van sy ampsdraers en lidmate op om langs die weg deur die kerk daarvoor bepaal, voortdurend besig te wees met die bestudering en ondersoek van die ganse inhoud van die Bybel en die bekenis daarvan vir die hele lewe van die kerk in hierdie land.*

Vir elke onbevooroordeelde leser sal die duidelik wees:

1. *dat die kerk reeds artikel III aan 'n grondige Skriftuurlike ondersoek onderwerp het,*

2. *dat die kerk die voortgaande ondersoek uitdruklik oplê aan elkeen van sy ampsdraers en lidmate,*

3. *dat die kerk die sensasiewekkende geskryf in die koerante, agitering op kateder en openbare verhoog en kansel wil teengaan, maar die gesprek na binnetoe, binne die kring van die kerk, JUIS VERWELKOM.*

Die indruk wat in die buiteland geskep word, nl. dat die kerk sou *weier* om artikel III en wat daarmee verband hou, aan 'n ondersoek aan die hand van die Heilige Skrif te onderwerp en dat die kerk sonder meer kritiek sou muilband, is dus 'n eensydige voorstelling van sake wat strydig is met die ware feite.

'n Ander onjuiste voorstelling in 'n buitelandse tydskrif is dat 'n preek oor die sendingsplig van die kerk, wat deur die skrywer van die artikel in die buitelandse tydskrif gehou is in die jaar 1938, sou gelei het tot die stigting van „een partikuliere organisatie" om sendingwerk te doen.

Die eerste sendingkommissie is deur die Algemene Kerkvergadering benoem nie minder nie as *twee-en-twintig jaar voor* die datum wat prof. Van Selms in sy artikel in „Kerk en Theologie" noem. Die kommissie het bestaan uit di. C. W. du Toit, J. van Belkum, H. C. M. Fourie en ouderlinge T. Beckley en D. W. Moller. Toe ondergtekende lid geword het van die sendingvereniging was dr. H. C. M. Fourie die voorsitter en ds. S. Vermooten die sekretaris en dit was gedurende 1928, tien jaar voor prof. A. van Selms sy preek oor die sending gehou het. Met die Algemene Kerkvergadering van 1928 het dr. Fourie al verslag uitgebring oor 'n besoek wat hy aan die sendingveld in Natal gebring het.

Prof. Van Selms was, sonder sy feite te kontroleer, te haastig om die kerk in hierdie verband in 'n slegte lig voor te stel en het homself te veel eer toegeëien.

— Joh. Dreyer.

Koop al u boeke

by

HAUM

BUROLAAN 17

POSBUS 460

FOON 22014

PRETORIA

WERDA

Drie sake wil ons hierdie maand onder ons lesers se aandag bring. Ons het verlede keer een en ander gesê oor die debat is die *House of Lords* oor *A greater spirit of unity*. Nou het ons ook die verslag gelees oor die tweede helfte van die debat. Dit bevat ook die toespraak van die aartsbiskop van Kantelberg, hoof van die Anglikaanse Kerk. Wat in die hele debat opval, is die behendige manier waarop die biskoppe en veral die aartsbiskop die vraag oor hulle Protestantse oortuigings omseil. Hulle erken nêrens dat die Reformasie en die Protestantse leerstelling alle betekenis vir hulle verloor het nie. Hulle sê ook nêrens iets wat ook die indruk kan skep dat die Protestantse erfenis vir hulle enige betekenis het nie. Hulle hunkering na Rome loer voortdruend om die hoek. Die Anglikaanse invloed moet in Suid-Afrika nie onderskat word nie.

In die tydskrif *Woord en Dienst*, 'n *Veertiendaags orgaan voor het Hervormde Kerkwerk* het op 19 Augustus 1961 'n stuk verskyn van dr. W. Nyenhuis. Die opskrif van die stuk is:

OP WEG NAAR NEW DELHI (III)
Dit handel oor die derde vergadering van die Wêreldraad van Kerke en ons verantwoordelikheid. Dr. Nyenhuis handel in die eerste gedeelte van die stuk oor die toetrede van die Russies-Ortodokse Kerk en die betekenis daarvan. Hy noem dan vier betekenisse wat die toetrede het. Die derde betekenis wat hy noem, wil ons graag hier woordeliks aanhaal. Dit lui soos volg:

„(3) *Na de toetreding van de Russisch-Ortodoxe Kerk zal meer dan ooit duidelyk zijn dat de Wêreldraad geen verkapte Protestantse organisatie is, waarin voor de Katholieke gedachtenwêreld geen plaats zou zijn. Men weet dat dit de Roomse visie op de Wêreldraad is. Deze visie was reeds een onderschatting van de betekenis van de andere Ortodoxe kerken van de te vergeten van de anglikaanse gemeenschap in de Wereldraad. Na de toetreding van de Russen is niet in te zien, hoe deze opvatting nog in goede trouw gelanceerd zou kunnen worden. Het begint de laatste jaren trouwens steeds duidelijker te worden, dat de voorlifde der orthodoxie eerder uitgaat naar Geneve (niet het Geneve van Calyvyn, doch wel Geneve van Visser 't Hooft) dan naar Rome.*"

In hierdie aangehaalde betekenis kom belangrike sake na vore. Laat ons dit nader bekyk. Daar word beweer dat die Roomse beskouing nog was dat die Wêreldraad 'n verkapte Protestantse organisasie is. Die woord „verkapte" beteken soiets as vermomde. Die Roomse het die Wêreldraad as 'n vermomde Protestantse organisasie beskou. Watter soort mombakkies het die Wêreldraad dan opgehad waaragter die Protestantisme geskuil het? Was dit 'n Roomse mombakkies of 'n neutrale, dus een wat voorgee dat dit nie gaan om die Protestantse erfgoed nie maar net maar oor groter eenheid?

Vir ons het dit nog nooit voorgekom as 'n mombakkies nie, maar as die ware karakter van die organisasie, wat hom meer bekommer oor eenheid en „goodwill" as oor ons Protestantse erfgoed. Nou sê die skrywer dat niemand meer kan dink dit is 'n mombakkies nie. Dit Wêreldraad het nou bewys dat dit nie gaan om behoud van ons Protestantse erfgoed nie, maar net om eenheid en goeie betrekkinge, ens. Hy gaan dan verder en wys daarop dat die groot ortodokse kerke van die Ooste nou so 'n oorwig in die Wêreldraad kry, dat hul invloed wel deeglik in die Wêreldraad gevoel sal word. Hulle is dan volgens die skrywer meer geneig om na Geneve as na Rome hulle te wend. Maar let wel, nie die Geneve van Calvyn nie, maar dié van Visser 't Hooft.

Vir ons lidmate wat nie so goed op die hoogte is met wat sulke uitdrukkings beteken nie, wil ons sê dat Geneve die stad in Switserland is waar die hoofkwartiere van die Wêreldraad gevestig is. Dr. Visser 't Hooft is die Sekretaris van die Wêreldraad. Lesers sal onthou dat Geneve ook die stad was waar Calvyn jare lank gearbei het en van waar sy invloed oor die Protestantse kerke soos dié in Nederland en Skotland veral uitgegaan het. Die stelling van dr. Nyenhuis is dus dat die ortodokse kerke soos die Russies-Ortodokse en Grieks-Ortodokse Kerk hul meer aangetrokke voel na die Wêreldraad as na die Roomse Kerk, want hulle sien nou dat die Wêreldraad nie meer 'n handhawer van die Protestantse teologie is nie, veral nie van die Calvinisme nie.

Ons wonder dus of die Protestantse kerke, veral die Presbiteriaanse kerke en ander met 'n sterk Calvinistiese inslag, nie met vuur speel nie. Lidmaatskap van die Wêreldraad moet noodwendig verwatering en verslapping van die Protestantisme beteken.

In Maart vanjaar het 'n vloedgolf van terrorisme die Portugese kolnie of provinsie soos die Portugese Angola noem, getref. Nou het daar 'n artikel in *Dagbreek* verskyn van 'n Engelsman wat 'n studie van die situasie in Noord-Angola gemaak het. Sy bevindings is nogal interessant. Volgens hom is dit minder as een persent van die Bantoes van Angola wat aan die terroriste behoort. Van die minder as een persent het baie uit vrees vir die terroriste by hul aangesluit. Die klompie agitators wat agter alles sit, is verantwoordelik vir die dood van 1,000 Blankes en 6,000 Bantoes, wat wreedaardig vermoor is. Vanweë die onbegaanbaarheid en uitgestrektheid van die gebied, kan die owerheid in Angola uiters langsaam optree. Hulle het ook nie oor die nodige troepe beskik nie. Die terroriste het dus woes en vrylik tekere gegaan, soos ware besetenes. Hierdie gebeurtenisse is niks nuuts meer in Afrika nie. Maar wat vir ons altyd 'n raaisel bly, is die houding van die V.V.O. en die Wêreldraad van Kerke teenoor hierdie gruweldade. Die V.V.O. het dadelik Portugal veroordeel en nie die terroriste nie. Soos 'n gedienstige naprater het die Wêreldraad dit ook gedoen. In die Kongo gaan dit al meer as 'n jaar lank woes daaraan toe. Die V.V.O. magte sit al 'n jaar lank daar. Instede van orde te herstel, veroorsaak hulle nou 'n bloedbad in Katanga, die enigste ordelike provinsie van die Kongo.

Wat moet mens nou van so 'n organisasie dink? Wat sê die Wêreldraad van Kerke nou? Natuurlik niks. Hulle praat net daar hulle moet praat. As die twee organisasies bly voortbestaan, en dit lyk of hulle sal, sal hulle nog die Westerse wêreld met die Protestantisme vernietig.

— *OOM ANDRIES.*

PISTORIUS
Posbus 9 — Potgietersrus
★
Grootste Koöperatiewe, Private en Staatverskaffers van ORGANIESE MISSTOWWE
—— bied aan ——
- 95.62% LEO Dolomitiese Landbou-kalk.
- 96.6% ALLESCA Super Kalsitiese Lbk.
- Ru-kraalmis.

★
ONS PRESTIGE U WAARBORG!
★
Etlike treinvragte daagliks.
Geen vertraging.

JERUSALEM — ATHENE

● VER VAN MEKAAR

In die outyd was dit ver van Jerusalem af na Athene toe. Met 'n seilskip van dié tyd het dit langer geneem as om nou per skip van Londen na Kaapstad te vaar.

Maar ook figuurlik was Jerusalem en Athene ver van mekaar.

Jerusalem, die stad van God, die onvergelyklike, (Jes. 46:5) wat sy volk dra en red (vers 3, 4) — Athene, die stad van Zeus en die ander Griekse gode wat deur hulle aanbidders gemaak en gedra en êrens neergesit moet word (vergelyk vers 6 en 7). Jerusalem, die stad van die kinders van Abraham, Isak en Jakob — Athene, die stad van die kinders van Plato en Socrates en Aristoteles. Jerusalem, die stad van profete en apostels — Athene, die stad van Stoïsynse en Epikureïese wysgere (Hand. 17:18). Jerusalem met sy tempelberg en sy Olyfberg, sy Getsémane — Athene met sy Akropolis en Areopagus, sy Parthenon en sy Olimpia. Jerusalem, die stad van die godsdiens en van heiligdomme — Athene, die stad van die kuns van monumente en museums. Jerusalem, die simbool van die Jerusalem wat daar bo is, ons aller moeder (Gal. 4:26) — Athene, wat ons kan noem die simbool van wat hier benede is.



Die Habakukkommentaar, een van die Dooieseerolle

● NABY MEKAAR

Teenswoordig is Jerusalem en Athene nie meer ver van mekaar nie. Per vliegtuig duur die reis maar twee uur. Maar ook figuurlik is die twee vername stede uit die outyd nie meer so ver van mekaar nie.

Albei buig nou die knie vir die enig ware God, die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, soos Paulus sy God aan die Atheners op die Areopagus bekend gestel het (Hand. 17:24). In albei staan daar nou kerkgeboue waarin die evangelie van kruis en opstanding verkondig word, die prediking van die profete van Israel wat almal heenwys, elkeen op sy eie manier, na die Messias wat sou kom en die prediking van die apostels wat Hom verkondig wat reeds gekom het.

Albei verwerp nou die afgodedom en erken die gesag van die Heilige Skrif, maar hulle lê darem nog so ver van mekaar as wat die gesag van die Ou Testament sonder of met die Nuwe Testament gaan. Albei verwag nog hulle Messias. Jerusalem verwag Hom nog altyd sedert die belofte met die sondeval in die paradys gemaak is. (Gen. 3:16). Athene, die eertyds heidense stad, verwag Hom vir die tweede maal. Die eerste maal, meer as negentienhonderd jaar gelede, het Hy gekom om te verlos en salig te maak (Joh. 3:16), nou as Hy weer kom, is dit om te oordeel die lewende en die dode (Hand. 1:11; 17:31).

Volgens profeet en apostel sal op Gods tyd die tyd aanbreek dat elke knie hom sal buig en elke tong sal bely dat Christus die Here is (Filip. 2:10, 11), want God het Sy volk van ouds nie verstoot nie. Die mak olyftak sal weer op sy eie olyfboom ingeënt word. (Rom. 11). En so sal die hele Israel, uit Ou en Nuwe Testament, uit hulle wat as gelowiges uit die vlees kinders van Abraham is, en uit die gelowiges wat na die gees kinders van Abraham is, gered word. (Gal. 3 en 4). Dit sal ondervind word dat die evangelie 'n krag van God is tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek (Rom. 1:16). Dan sal die afstand tussen Jerusalem en Athene wegval. Dit sal een Herder en een kudde wees (Joh. 10:16) en hulle sal nie nodig hê om vir mekaar te sê: „Ken die Here," nie, want hulle sal Hom almal ken.

● DIE MIDDELPUNT

Dan sal nie Athene of Rome nie, maar Jerusalem die middelpunt wees van waar die woord van die Here sal uitgaan (Miga 4:2-4). Die Here sal terugkeer na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word die stad van trou, en die berg van die Here van die leërskare : die heilige berg (Sag. 8:3). Israel sal dan nie langer 'n vloek onder die nasies wees nie, maar 'n seën (vers 13). Dan sal baie volke en magtige nasies kom om die Here van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die Here om genade te smeek. Dan sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: „Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is" (vers 21-23).

● DIE WARE EKUMENE

Rome met sy pous, Johannes XXIII, het planne vir 'n ekumeniese sinode in die nabye toekoms, maar tot groot teleurstelling van baie ‚half Roomse' Protestante is dit net bedoel vir die ‚alleen-saligmakende kerk,' soos hierdie kerk homself beskou, en mag hierdie pro-Roomse Protestante die sinode alleen as waarnemers bywoon. Die ware ekumene sal van hierdie kerk nie uitgaan nie. Want in hierdie kerk het eerstens die geskrewe Woord nie al die sê nie. Die tradisie, die oorlewering het te veel seggenskap.

Tweedens het in hierdie kerk die vleesgeworde Woord (Joh. 1:11), Jesus Christus, nie al die sê nie, want Maria dring al meer op en word reeds deur Rome genoem ons medemiddelares. En derdens het hierdie kerk te veel 'n magsinstituut geword wat streef na wêreldse mag en wat te veel klem op organisatoriese, uiterlike eenheid lê.

● *Vervolg op bladsy 223*

SJALOOM (IV)

Dit word nou tyd dat hierdie artikelreeks end kry. Maar voor dit gebeur, wil ek darem nog eers my algemene indruk oor land en volk van Israel gee en iets oor hulle politiek vertel. En dit moet ek doen want in my Potchefstroomse kerkraad is daar ook warm patriotte wat groot belangstel in die politiek en seker al vir mekaar gesê het: Nou het ons dominee vir ons in *Die Hervormer* al soveel vertel wat hy op sy reis in die land van Israel gesien het, maar nog niks van die politiek van die Jode in hulle land nie, en baie uit die hele kerk sal hiermee instem. Nou ja, hier is dit.

Die regering van Ben Gurion, die eerste minister, is sosialisties, min of meer in die gees van die Arbeiders-Party in Engeland. Sy party is die Mapai. Hulle hou die deure van hulle land wyd oop vir emigrante uit die buiteland. In die eerste plek word nie die ryk Jode uit Amerika en Suid-Afrika verwelkom nie — hulle geld en morele steun wel — maar die werkman. Want, so sê Ben Gurion, ons het mense nodig om die land op te bou, mense wat kan en wil werk, want hy wat werk, sal op die lang duur die land regeer. 'n Mens sien dan ook op straat veral die werktipe en nie die ryker tipe met deftige klere en sagte handjies en fyn gesiggies nie. Dit is veral die vlugtelinge uit Duitsland en Oos-Europa, uit Noord-Afrika en die Midde-Ooste. Hierdie mense doen al die werk self, ja tot die geringste en vuilste soort werk. Moenie dink die Arabiere wat nog in die land is, doen dit nie. Die beleid van die regering is om te voorkom dat die Arabiere die werkvolk en die bediendes van die Jode word. En dit om twee rese. Eerstens : dan sal hulle, die Arabiere, nou die werkers en op die lang duur die regeerders wees, en tweedens : dit sal ontevredenheid by die Arabiere skep en 'n stok wees in die hande van die omringende Arabiese state om Israel mee te slaan.

Ook om die guns van die Arabiere te win, word hulle van owerheidsweë gehelp, en veral diegene word begunstig wat nie teen Israel geveg het teen die Arabiese state nie. Daar word pogings aangewend om die Arabiese bevolking op te hef. Waar 'n Arabiese dorpie te vuil is, krv hulle opdrag om skoon te maak, en die huisies op te knap en sanitêre verbeteringe aan te bring. Daarom sien 'n mens nou dat die huisies afgewit word. Sommige huise se voorkant word blou gemaak. Dit is dan om die bose oog te weer, 'n bygeloof wat onder 'n deel van die Oosterse nasies veel voorkom.

● APARTHEID

Is daar vermenging tussen Jode en Arabiere, vra u miskien. Nie sover daar iets van gevaar hoor word nie. Gevaar daarvoor bestaan daar eintlik nie, omdat die Jode alle eeue deur apartheidsmense was wat nie met ander volke vermeng het nie, die enkele uitsonderinge daar gelaat. In die Bybelse tyd was dit al so, sowel wat die reël om nie te vermeng nie, asook wat die uitsondering betref. 'n Voorbeeld van geen vermenging nie, sien ons in Esra en Nehemia 10:29, 30. 'n Voorbeeld van 'n uitsondering vind ons in Josua 9.

'n Jood in Israel het dan ook aan my gesê: „Julle apartheidsbeleid het julle van ons afgekyk". Hierdie persoon is ook van mening dat ons veel meer immigrante moet kry om, so sê hy, op dié wyse die verhouding in getalle tussen blank en nie-blank beter te kry. So doen hulle dit teenoor die Arabiere. In 'n sterk Arabiese gebied soos bv. in Nasaret word dan 'n Israelitiese dorp of kiboets ('n koöperatiewe plaas) uitgelê.

Omdat die regering sosialisties is, is daar die poging om sover moontlik die salarisse gelyk te hou. Daaroor is teen my gekla deur 'n Wes-Europese Jood wat 'n halfdosyn tale magtig is, maar dieselfde salaris as handelreisiger kry as sy volksgenoot uit Marokko in Noord-Afrika wat nie die kennis en bekwaamheid van die

HAUM — PRETORIA

CENTENARY GEBOU —— BUROLAAN 17
Telefoon 2-2014 **Posbus 460**

———

Met trots kan ons aankondig die verskyning van ons nuutste publikasies. Christelike boeke van hoogstaande gehalte.

DS. JOH. DREYER: *LEER ONS BID* .... Posvry R1.35
'n Gebedeboek waarop ons jare gewag het. 'n Versameling gebede uit die skat van die Kerk van alle eeue, waarvan sommige klassiek geword het.

PROF. DR. P. S. DREYER : *LAAT MY SKAPE WEI*
Posvry 90c.
'n Preekbundel van uitstaande gehalte Dis veral geskik vir leesdienste.

MARIE AKKERHUYS : se uitstekende verwerking van die volgende Kinderboeke:—

ANNE DE VRIES : *TOE JESUS GEBORE IS* Posvry 60c.

ANNE DE VRIES : *AS JESUS EENDAG WEER KOM*
Posvry 60c.

W. G. V.D. HULST : *KLEIN RIA EN DIE GROOT KLOK.*
Posvry 38c.

W. G. V.D. HULST : *'N HELD* .... Posvry 32c.

———

10% Afslag word gegee aan Kolporteurs en Gemeentes

———

● *Die boeke vir geskenke.*
● *Die boeke wat elkeen graag sal wil besit*
● *Die boeke van die HAUM.*

VROUE RUBRIEK

RENATA VAN FRANKRYK — HERTOGIN VAN FERRARA

— 'n Geloofsheldin uit die tyd van die Hervorming

● *Vervolg vanaf Oktober uitgawe*

Vroeg in die jaar 1564 terwyl die onweerswolke van 'n volgende burgeroorlog weer oor Frankryk saampak, besluit Catharina de Medici om met die veertienjarige koning 'n rondreis deur Frankryk te maak om sodoende 'n mate van steun vir die koning se gesag in die land te verseker. Om aan die stoet eer te verleen, het Renata besluit om ook saam te gaan om daarmee ook haar trou aan die vors te betoon en omdat sy dan miskien nog hier en daar iets vir die Hervormde Kerk kan uitrig. En oral waar sy gegaan het, het sy 'n spoor van geskenke nagelaat, somtyds geld maar meestal boeke — Bybels, psalmberymings en preke van Calvyn. Meer as 20,000 *livres* het sy in die tyd wat sy met die koning deur die land gereis het, aan geskenke aan die kerk bestee.

As sy terugkeer in haar kasteel te Montargis gaan sy voort met haar pogings om ten minste in haar domein te verseker dat Hugenoot sowel as Roomse lidmaat ongehinderd vanweë sy geloof sy gang kan gaan. En na sy haar hieraan gewy het, het sy ook 'n skool en 'n kollege te Montargis gevestig waar toekomstige predikante opgelei kon word — en dit terwyl die oprigting van Protestantse skole en kolleges oral in die land verbied was! Dit was vir die Roomse leiers dan ook alles behalwe aangenaam om te Montargis 'n Protestantse gebied te sien groei waar die koninklike wette teen die ketters nooit toegepas is nie en waar die Hervormde predikante die toon aangegee het! En die enigste wat die koningin-moeder dan kon doen, is om Renata se dogter, wat ook al Hervormde simpatieë begin kry het, nieteenstaande die feit dat sy die weduwee van die Hertog van Guise is, aan die fel Roomse Hertog van Nemours uit te huwelik! Dit was 'n harde slag vir Renata maar haar persoonlike griewe en teleurstellings het sy nooit laat blyk nie te meer omdat sy alles gedoen het wat sy kon doen om die onrustige vrede tussen Rooms en Hugenoot te bestendig.

Maar dit sou nie baat nie want in 1567 ontbrand die stryd alweer, wat hewig maar van korte duur is want in Maart 1568 word die vrede weer gesluit en kry die Hugenote nou wel effens méér voorregte. Catharina de Medici spits haar nou egter daarop toe om deur ondermyning en intrige die krag van die Hugenote te verswak. Maar daar volg spoedig 'n nuwe oorlog — want deur die voortdurende oorloë is die gemoedere so verdeeld en word die afstand tussen die partye telkemale soveel groter dat 'n blywende vrede welhaas onmoontlik lyk. En ook in hierdie oorlog is Montargis weer 'n toevlugsoord vir alle vlugtelinge. Gemiddeld was daar driehonderd vlugtelinge wat per dag deur Renata gevoed en verpleeg is, en ontelbaar is die skare wat deur haar bemoedig en versterk is. Ook hierdie oorlog het 'n einde gevind omdat die land uitgeput is vanweë die verwoesting en ellende van die voortdurende oorloë, en in Augustus 1570 word die vrede onder baie gunstige voorwaardes vir die Hugenote gesluit.

Deur die toedoen van admiraal de Coligny wat nou 'n raadgewer van die Koning word, wil dit voorkom of daar nou eindelik 'n blywende vrede gesluit is. Vir Renata was dit 'n groot voldoening ook omdat sy De Coligny met al haar vertroue gesteun het. En terwyl Renata se gesondheid swakker word, het sy haar daarin verheug dat daar nou eindelik vrede is en tot in 'n mate het sy daarin die bekroning van haar ideaal gesien, nl. godsdiensvryheid in Frankryk. Maar die tekens van 'n komende storm was daar tog! Renata se kleinseun, Hendrik de Guise het volledig in sy vader se voetspore gevolg en het die leier van die fanatiek Roomse party geword. Verder was hy uiters vyandig teenoor admiraal De Coligny in wie hy die moordenaar van sy vader gesien het, en geen steen het hy onaangeroer gelaat om sy wraak tot werklikheid te bring nie! So moes Renata sien hoe haar eie kleinkind alles in die werk stel om haar edelmoedige vriend en hooggewaardeerde raadgewer De Coligny te neutraliseer. Aan Renata, reeds vroeg oud en swak van gesondheid, het dit veel verdriet besorg.

In die somer van 1572 word Renata met alle ander edelliede en vooraanstaande persone van Frankryk na Parys genooi vir die huwelik van jeugdige Protestantse prins Hendrik van Navarre. Nimmer sou sy kon droom watter vreeslike plan die koningin-moeder Catharina de Medici tydens hierdie bruilof ten uitvoer sou bring nie, want as ál die bruilofsgaste in Parys bveen is, word op die 23ste Augustus 'n duiwelse moordaanslag gemaak op die versamelde Protestantse leiers. Met Renata se kleinseun Hendrik de Guise aan die spits word in daardie één nag nié alleen admiraal De Coligny vermoor nie, maar alle Protestantse leiers in

● *Sien langsaam*

Renata van Frankryk — Hertogin van Ferrara

● *Vervolg vanaf vorige bladsy*

Parys. Vandaar het die slagting oor die hele land uitgebrei en vir agt dae lank is al wat Hugenoot is koelbloedig in naam van die Roomse Kerk uitgemoor. Meer as 40,000 Hugenote het in hierdie dae die lewe gelaat omdat hulle die hoof nie vir die Roomse pous wou buig nie.

Verslae, verdof van verdriet en rou oor haar vriende en geloofsgenote wat soos diere doodgemaak is, het Renata so gou sy kon Parys verlaat om na Montargis te gaan. Geen leier, geen kragtige figuur het daar vir die Hugenote behoue gebly nie, en Renata het gedink dat die Hervormde Kerk in Frankryk sy genades ag gekry het. En tog het die Hugenote weer opgestaan tot die stryd en weer vind die Hugenote te Montargis 'n toevlugsoord. Al het Renata haar ou standpunt weer gehandhaaf, al het sy gesien dat die krag van die Hugenote in werklikheid ongebroke was, het sy geweet dat baie verwoes is wat nie meer opgebou sou word nie. Noudat ook om hâár heen so baie geval het wat sy vereer en geag het, en baie wat sy as jongmeisie as bloeiend en welvarend geken het, was nou verwaarloos en verarm vanweë die aanhoudende burgeroorloë.

Renata se ideaal van die weerloosheid, soos verkondig deur Calvyn, van godsdiensvryheid vir elkeen soos voorgestaan deur admiraal De Coligny het hy bly behou, en daarby het sy gewerk en gedoen vir die uitbreiding van die suiwere leer deur die evangelieverkondiging en van die onderwys wat sy kon. Hierdie standpunt kon sy in daardie dae alleen handhaaf vanweë haar eie sterk-gegroeide geloof en haar rotsvaste belydenis . . . . maar soos sake nou gestaan het, het dit gelyk of haar verwagtings en haar hoop in Frankryk nooit verwesenlik sou word nie. Die skeiding tussen die twee groepe, Rooms en Hugenoot, het breed en diep geword — té veel lyke, te veel bloedige herinneringe en verraad, verskeurde familie- en vriendskapsbande het tussen die twee groepe gestaan. Tog het sy bly volhard in die geloof dat ten slotte die waarheid en vrede en reg sou moes seëvier, maar ook sy het nou geweet dat sy self dit in haar lewe nie meer sou sien nie. Die tyd was nog ver waarvoor haar hofprediker in die daaglikse godsdienoefening gebid het in 'n gebed wat sy self opgestel het:

„In die besonder bid ons U O God vir die huisgenote van die geloof en vir die koning wat U ons gegee het en vir almal wat in hoë posisies geplaas is opdat iedereen in vrede kan lewe; nie alleen in die vrede wat die wêreld gee nie, maar in die vrede wat ons Heer Jesus Christus ons nagelaat het."

Nog byna drie jaar na die vreeslike Bartholomeusnag het sy geleef terwyl haar gesondheid en liggaamskragte geleidelik minder geword het totdat sy op 15 Junie 1575 eensaam maar onverflou in geloof en liefde sterwe. Onbegrens in haar vrygewigheid moes sy die laaste jare van haar bestaan dikwels geldelikhede ook nog trotseer, maar tog het sy in haar testament geen een van haar afhanklikes vergeet nie.

Renata se testament is 'n merkwaardige dokument veral vanweë die dankbaar opgewekte stemming wat haar wel na die dood laat verlang as na die ingang van Gods heilsbeloftes. Tog sien sy die dood nié as 'n bevryding van haar aardse bestaan nie want die aardse bestaan het vir haar waarde gehad meteenstaande al die leed en teleurstelling wat sy gehad het.

In die aanhef van die testament sê sy:

„Voor alle dinge erken en bely ek my groot en onuitspreeklike dankbaarheid teenoor God die Skepper omdat dit Hom behaag het om my in aansyn te roep en my die lig laat sien en al die heerlikheid van Sy wonderwerke op aarde . . . terwyl dieselfde goeie God my gelei het en behoed en steeds gesteun het soos 'n troue Vader deur nieteenstaande soveel voorregte en tallose goeie gawes my nederig te steun in Sy vrees deur die tug van Sy vaderlike kastyding . . . .

Tot slot bid sy dat die Here God âl haar nakomelinge én geloofsgenote naby sal wees en dan vra sy:

„ . . . . dat Hy hulle genade sal bewys om te volhard in die waaragtige vroomheid en in die belydenis met die mond én met die hart tot aan hulle laaste asemtog sodat hulle, of hulle lewe en of hulle sterwe, hulle mag lewe en sterwe in die Heer, hulle God, dié God wat sy nou bid om haar siel tot Hom te neem as dit die liggaam verlaat om Sy hemelse lewe, wat Hy vir sy uitverkorenes van alle ewigheid af berei het, te geniet.

— A. D. PONT

VERGROTINGS
in
LEWENSKLEUR
van u eie kiekie of negatief
W. E. CAREY
APTEKER
Posbus 177
KRUGERSDORP

AANHOUDENDE MOEGHEID
DR. HEINZ KLIERSTOFPILLE ONSKATBAAR KLIERAANDOENINGE
AFGEMAT EN LUSTELOOS

„Ek het al 'n bottelvol van die beroemde Dr. Heinz - Klierstofpille uitgebruik en voel geheel en al 'n ander mens. Ek is nie meer so moeg en afgemat en ook nie meer so koud en lusteloos nie. Ek het nog nooit vantevore by enige medisyne soveel baat gevind as by hierdie Klierstofpille nie." — Mej. Leriche, Nieuwoudville. (Geval 928).

HART 10 SLAE ONDER NORMAAL

„Ek moet erken dat Dr. Heinz - Klierstofpille uitstekend vir my was Ek het nooit gedink dat ek ooit weer my werk sou kon doen nie. My hart het 10 slae onder normaal gewerk. Ek was altyd moeg en lam deur my hele lyf. Die Klierstofpille het wondere verrig." — Mev. R. Bester, van Ladysmith. (Geval 562).



Aanhoudende moegheid, droë vel, hare en naels, oormatige vet, swak geheue, ongereeldheid by vroue, stadige polsslag — al hierdie aandoeninge is gewoonlik aan Klieruitdroging te wyte en die enigste uitweg is behandeling met Klierstowwe.

DR. HEINZ-KLIERSTOFPILLE kos 75c. per bottel van 100 by alle apteekers.

DR. HEINZ-KLIERSTOFPILLE

PNB 7770 AR

SJALOOM

● *Vervolg vanaf bladsy 15*

eergenoemde besit nie. Hy wil dan ook weer terug na België, waar hy vandaan kom.

● GEKOM OM TE BLY

Met die meeste van die Jode in Israel gaan dit soos met die Afrikaners. As hulle uit die land verdryf sou word deur Nasser en sy Arabiese meestanders, dan het hulle geen ander plek om heen te gaan nie. Daarom byt hulle daar vas en sal hulle tot die laaste man veg, al is dit ook met die rug teen die muur. Maar hulle sal win, daar twyfel ek nie aan nie. Want 'n volk met geloof en met 'n vaste wil om te lewe en met bereidheid om te werk en te veg en op te offer, is onoorwinlik. Dit alles het die Israeli. Hulle is dan ook besig om, soos die profete voorspel het, die land te herskep, Jerusalem te herbou en 'n toekoms vir hulle kinders daar te stel. Baie is helaas liberaal of sonder godsdiens, maar daar is 'n kern van ortodokse, vrome Jode. Wet en profete word kragtig na vore gestoot. Op skool en deur die radio e.s.m. word die Bybelse of te wel Ou-Testamentiese geskiedenis onderrig. Sal hierdie kers nie die wegbereider en hierdie onderrig die middel wees in die hand van God om sy ou verbondsvolk tot ontwaking en nuwe lewe te bring nie? (Eseg. 36:25-38).

● JOODSHEID

Ek wil hierdie artikel eindig met n aanhaling uit n Jerusalemse koerant oor die betekenis van ‚Jood wees' geskrywe deur die Britse joernalis James Morris van *The Guardian*, nadat hy die Eichmansaak in Jerusalem enige dae bygewoon het. Hy skrywe: „Hoe langer ek die verhoor gevolg het, hoe meer het dit vir my duidelik geword, dat die Jode op een of ander tragiese en onverklaarbare wyse waarlik een of ander soort uitverkore volk is. . . . Hulle sal nooit heeltemal dieselfde as ons wees en miskien vir 'n geruime tyd nooit gelukkig, rustig en gewoon wees nie. Hulle is 'n nasie wat vertrap en opgehef word, voortdurend omstraal deur goddelik lig. Die Sioniste beskou Israel as 'n volk met 'n lotsbestemming, verkies om te ly". Hierdie siening beskou die heer Morris as 'n gevaarlike roeping, indien nie inspirerende nie. Hy sê, hoe meer ons die joodsheid van die Jode betreur, hoe meer joods hulle word. Die enigste ware oplossing van die Joodse probleem, soos van alle ander probleme, is volgens Morris, die oorwinning van die onselfsugtigheid oor die selfsugtigheid. En waarlik, so eindig hy: „Ook in hierdie Christelike stelling vind ek 'n Jood."

— *Joh. Dreyer*

Brief van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die Wêreldbond van Herv. Kerke

Rev. Dr. Marcel Pradevand,
General Secretary,
World Alliance of Reformed Churches,
17, Route de Malagnou,
Geneva,
Switzerland.

Dear Dr. Pradervand,

We are in receipt of your letter dated 3rd of March, 1961.

We thank you for your kind wishes in connection with the meeting of our General Assembly. We are rather at a loss as to what became of the letter we addressed to you and which you did not receive. We addressed it to the same address as all our other correspondence with you.

We further note that you deny that your letter to us in connection with the racial situation in our country, was actuated by political motives.

What we meant to say was that your standpoint is so identical with that of the United Nations that it appears to spring from the very same sources. We think that nobody can deny the fact that world opinion with regard to racial matters and Colonialism is today effactly the opposite of that before the Second World War.

The previous century witnessed the rush to colonise Africa. In this rush to get possession of great areas of country in Africa, the Bantu inhabitants were not consulted nor their interests taken into consideration. Boundries were fixed between the different countries, which very often cut tribes of Bantu into two and even more parts, some under French, some under Portuguese and some under British rule. Now after World War II we find that all of a sudden everybody made a complete *volte facie*. Now only the interests of these Bantu seem to count. This right about turn was caused by the reaction of world opinion against the racial doctrines of Hitler, with its accompanying atrocities. The United Nations consequently adopted the same philosophy on which the French revolution was based: Equality, and Fraternity.

This may be a very fine humanitarian philosophy ,but it is no Christian doctrine. The fact that this philosophy is accepted by communists, atheïsts, Mohammedans as well as the West is a very strong indication that it has nothing to do with Christianity. We are alas not living in the millenium. This alone should warn the Church to go warily. But if one examines the declarations of human rights and especially the way it is used in the political field, it becomes quite clear that it has nothing whatever to do with the Word of God or the Gospel of Salvation by Christ. The reaction of the world when the shootings at Sharpeville took place and the reaction when the terrible atrocities took place in the Congo is a very clear example. The Word of God is not primarily concerned with political, social or economic liberties, but with the deliverance of mankind from the bondage of sin, through the death of Christ on the cross.

Christ Himself never lifted a finger to set the slaving free. He most emphatically resisted His discipels when they thought that He would deliver Israel from the hated rule of Rome. He always stressed that His Kingdom was not of this world. He pointed to Satan as the ruler of the kingdom of this world. He sent His discipels to preach the gospel of the Kingdom of God. He did not send them into the world to proclaim political an social and economic reforms. He sent them to proclaim to all peoples that whatever they be, Jews or Greeks, bondsmen or free, male or female, they were all dead in their iniquities, and can only be saved by the acceptance of His atonement on the cross. His discipels followed in His steps and preached the salvation through Christ to all, whatever their differences may be.

But the Churches of today in their impatience to bring about political reforms, proclaim the very same philosophy as the racial philosophy of the United Nations, and react in identically the same way as the United Nations. We are, therefore, more than justified in coming to the conclusion that both are motivated by the same philosophy.

The article in our Church discipline (Kerkwet) which states that only Europeans can be members of the „Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika", does not mean that anybody whether he be white or black is excluded from the One Apostolic Church of Christ. It simply means that from the experience of more than a century of the racial situation in our coutry, we have learned that the bringing of the gospel to the Bantu People is greatly hampered

● *Vervolg op bladsy 19*

Brief van die Kommissie . . .

● *Vervolg vanaf bladsy 18*

by bringing them together with the Europeans in one Church.

In practice it simply does not work out.

We are, therefore, convinced that the spreading of the gospel is best promoted by the establishment of Bantu Churches, where they can serve the Lord in their own language and in accordance with their own culture.

In defining our missionary work, we therefore found it necessary to lay down the rules of conduct for the executions of our missionary task. We therefore accepted the fact that only Europeans will belong to our Church and only Bantu to their Church.

It is, therefore not meant to express a racial doctrine. It is only a rule of conduct. The Bantu accept this and strongly insist on it. The Bantu Churches so organised by us, work in the most hearty way, and in close and friendly relationship with us.

After the Cottesloe Consultations of the member Churches of the World Council, they even begged us not to change our policy, but to help them to become completely independant Churches.

It would therefore be foolish and entirely irresponsible if our Church should simply ignore the facts in order to conform to theories which are totally unrealistic and of which we are convinced that they are not based on the Word of God, but is the result of a secular philosophy. We are strengthened in this connection by the fact that the defenders of multi-racialism we are always quoting certain texts, and reading into them a meaning that will back up their racial theories. A meaning which they were never meant to convey.

In conclusion we wish to state that we in South Africa are doing our utmost to promote the welfore of our Bantu people. It is our policy to lead them step by step to the realisation of their national destiny. We cannot proceed at a faster tempo than their achievements allow, lest we spoil the whole scheme. If other people in Africa had done the same, the world would not have witnessed the debacle in the Congo, and we greatly fear in the near future in Kenya, Angola, Nyassaland and Northern Rhodesia.

We will continue doing so, in the conviction that we have no other choice.

As far as our Church is concerned, we will do our best to bring the light of the gospel to the Bantu, in the way we have hitherto done. At the same time we are more than willing to co-operate with other Churches, and we therefore greatly desire to remain a member of the World Alliance of Reformed Churches.

But we can do that only as long as our *bona fides* is accepted. If we are to be condemned by our fellow Churches, every time some political incident excites the world whilst far worse incidents in the world passed unobserved as happened after Sharpeville and Langa, we will have to reconsider our membership.

Yours sincerely,

A. J. G. OOSTHUIZEN
Chairman.

T. F. J. DREYER,
Secretary.

General Assembly of the „Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika."

DIE VERKLARING INSAKE DIE WÊRELDRAAD

In *Die Hervormer* van September 1961 maak die Ned. Hervormde Kerk by monde van die Voorsitter en Skriba van die Alg. Kommissie 'n verklaring, wat 'n motivering inhou van die besluit van die kerk om die Wêreldraad te verlaat.

Dat hierdie verklaring gemaak is, is 'n goeie ding. Die kerk moet sulke verklarings gereeld doen omdat daardeur die lidmate van die kerk kan weet wat in die kerk aangaan. Ek persoonlik sou graag sien dat die kerkbestuur gereeld sodanige verklarings sou doen uitgaan, ten behoewe van klaarheid en duidelikheid en veral om wille van die waarheid.

Hierdie „verklaring" gaan om die ekumeniese arbeid van die kerk. Dit is jammer dat na alle waarskynlikheid hierdie arbeid nou verby is, of altans baie beperk is deur hierdie besluit van die kerk.

Ek het waardering vir die bereidwilligheid van die kerk in die verlede om „deur gesprek en in geskrif alles te doen om meer eenstemmigheid ten opsigte van teologiese geskilpunte te bewerkstellig". „Daarom het die kerk met hoë verwagtings lid van die organisasie geword". (die Wêreldraad) sê die verklaring.

Hierdie dinge is alles nou baie mooi, hoewel dit in die wêreldraad tog nie om uitsluitlik „teologiese geskilpunte" gaan nie.

Maar is dit dan nie eienaardig dat as daar dan „alles" gedoen moet word, en as daar dan hierdie „hoë verwagtings" beproef sal word, die kerkbestuur 'n verklaring uitgee wat wemel van onware voorstellings nie? Ten minste, 'n mens vryf jouself jou oë uit as jy lees: „dat die Wêreldraad van Kerke dit as deel van sy taak aanvaar het om hom in te laat met vraagstukke wat na ons beskeie mening *niks te doen het* met die ekumeniese arbeid van *die* Christelike kerk nie." (Ek kursiveer.)

„Niks te doen het met die ekumeniese arbeid van die Christelike kerk nie? Het die samestellers van die verklaring dan nooit geweet van wat die Sekretaris-generaal van die Wêreldraad nog onlangs en vir die soveelste maal geskryf het: „omdat ons glo in die Koningskap van Jesus Christus oor *alle* terreine van die lewe, soek ons om gesamentlik die implikasie van hierdie Koningskap te onderskei vir menslike verhoudinge op maatskaplike en internasionale gebied en om die diens van barmhartigheid te vervul aan vlugtelinge en mense in nood oral in die wêreld?"

Dit was nog steeds die standpunt van die Wêreldraad, van die begin af. Het ons kerk dan vroeër ooit daarteen beswaar gemaak? Maar nou dit kom op ons eie erf, nou is ons skielik daarteen, en het die ekumeniese arbeid niks (sic!) daarmee te doen nie. Dan sê die verklaring: „Nòg Jesus Christus, nòg die apostels, nòg die Woord van God stel dit as vereiste vir die kerk om op so 'n arbitrêre en rewolusionêre wyse sosiale of politieke hervormings te weeg te bring." Weet dan die samestellers van die verklaring nie dat *juis* Jesus Christus, *juis* die apostels en *juis* die Woord van God presies die Christelike waarheid van Johannes 3:16 beklemtoon: Want so lief het God die *wêreld* gehad . . . ens. sodat hierdie woorde dinamiet was onder alle menslike stelsels van *juis* sosiale

● *Vervolg op bladsy 22*

Residensie Hotel
(F. GROENEWALD : BESTUURDER)
SCHOEMANSTRAAT 185
Bus 548 – Foon 2-1712
Die Plek waar die vooraanstaande Afrikaners tuis gaan
– OOK –
Van Riebeeck Hotel
ANDRIESSTRAAT 388
PRETORIA – Foon 2-2756

Géén ‚Slavenkampen' in Zd.-Afrika, Ds. Buskes!

„Voorlichting" in „Militia Christi" Blijkt Verzameling Grove Leugens

AMSTERDAM, augustus.

DE *periodiek „Militia Christi", het orgaan van de Geloofsgemeenschap van Christen anti-militaristen, onder redactie van ds. J. J. Buskes, heeft in oktober van het vorige jaar een artikel over Zuid-Afrika gepubliceerd onder de titel: „Apartheid, Slavernij, Geweldpleging".*

Dit artikel, waarin de Zuidafrikaanse regering van slavenhandel wordt beschuldigd, is in verscheidene Nederlandse kranten overgenomen en heeft nogal de nodige sensatie verwekt. Wij hebben ons van commentaar onthouden zolang wij niet de beschikking hadden over de nodige documentatie. Nu wij deze inmiddels hebben verzameld, lijkt het ons een dringende zaak het leugenachtige artikel in „Militia Christi" aan de kaak te stellen en de werkelijke stand van zaken te publiceren.

● *Verzinsels uit communistische duim gezegen*

EERST in het kort de inhoud van het artikel in „Militia Christi" over de zgn. slavenkampen:

In de afgelopen jaren, aldus Militia Christi, zijn meer dan 80,000 jongeren verdwenen in Zuid-Afrika. Deze zouden door de Zuidafrikaanse politie gevangen genomen zijn en in kampen zijn opgesloten. De schrijver van het artikel, de heer Z. Sonkosi, is vermomd als sociaal werker een van deze kampen gaan bezoeken.

„In het kamp Dennilton bij Groblersdal zag ik de meest gruwelijke dingen. Er waren 800 jongeren, die opgeleid worden voor farms en landbouwbedrijven en die in de avonduren werden opgeleid in die nationalistische religie."

Het hoofd van het kamp, een zekere Mokoena, deelde Sonkosi mee: „dat alle jongens die geschikt zijn als slaven, aan boeren in verschillende delen van Zuid-Afrika en Zuidwest-Afrika worden verkocht — waar verwacht mordt, dat zij levenslang zullen werken."

Gedurende de periode januari — april van het vorige jaar zouden er meer dan 1700 jongeren het kamp gepasseerd zijn en aan boeren verkocht. „Overdag, als ze op de velden worden getraind, worden ze door de politie bewaakt en 's nachts worden ze opgesloten in een grote zaal waar omheen wilde honden de wacht houden. Het gehele kamp is met prikkeldraad omringd."

● *„Moord en doodslag"*

VERVOLGENS was de heer Sonkosi naar een van de farms gereisd „waar regelmatig slaven aan werd verkocht".

Hij schrijft dan o.a.: „Het was 6.30 uur in de middag en meer dan 400 Afrikanen, meest jongeren, gekleed in zakken, kwamen, ge-escorteerd door Afrikaanse „Boss Boys" het farmcomplex binnen. Zij kwamen zo van het veld. Sommigen hadden onvergonden wonden en bij sommigen stroomde het bloed langs hun halfbedekte lichamen. Hun handen waren gezwollen en vol met blaren. Zonder zich zelf maar te kunnen wassen werden ze opgesloten in een grote overvolle donkere ruimte zonder ruiten, uitgezonderd luchtventilators. Er waren geen bedden, doch enkel zakken, waarop ze op de koude cementen vloer moeten slapen."

„In een aangrenzend vertrek ontdekte ik meer dan 40 Afrikanen met open t.b.c. en sommigen verbanden als gevolg van ernstige verwondingen. Enkelen gaven bij het hoesten bloed op."

„Een Boss Boy, die ik sprak, zei, dat er elke dag Afrikanen op de farm om het leven kwamen en, voor zover hem bekend, kwam er nooit een dokter om de doodsoorzaak vast te stellen." Gedurende de nacht dat Sonkosi op de farm was, „sloeg de voorman een slaaf, die last van zijn maag had, met een brandslang dood, naar hij zei omdat „die kaffer lui was." Aldus „Militia Christi."

● *Wie is schrijver?*

DEZE en vele andere beweringen zouden ons doen geloven dat er in Zuid-Afrika vreselijke gruwelen plaatsvinden. Men moet wel uit bijzonder goed ingelichte bron zulke verhalen vernemen, wil men tot publikatie overgaan. Ds. Buskes denkt daar blijkbaar anders over. Zo'n artikel gaat er bij de lezers van „Militia Christi" in als koek — en dan behoeft men het met de waarheid niet zo nauw te nemen.

Wie is de schrijver van het artikel, dat ds. Buskes zonder meer overnam uit het zeer linkse blad „Peace News". Die Sonkosi is een Zuidafrikaanse Bantoe. Hij is als journalist zowel als welzijnverzorger opgetreden. Hij kon zich echter noch bij de Bantoes, noch bij de blanken aanpassen. Hij is altijd erg agressief tegenover de blanken. Sonkosi wordt door de Zuidafrikaanse politie als een opstoker bestempeld. Hij is medewerker van het communistische persagentschap Tass . . . .

Deze gegevens over de heer Sonkosi zijn snel verkregen. Ook ds. Buskes had deze informaties snel kunnen inwinnen alvorens het artikel te publiceren; tenzij ds. Buskes de heer Sonkosi al kende!

● *Wangedrag*

OOK omtrent de waarheid van de inhoud van het artikel heeft ds. Buskes zich blijkbaar niet veel zorgen gemaakt.

De Eerwaarde S. Mokoena, bij voorbeeld, die Sonkosi in het kamp als kamphoofd laat optreden, bestaat niet. Wel een zekere I. P. B. Mokoena, die huisvader van het kosthuis van het Elandsdoornse Jeugdkamp was. Deze is echter op 12 september 1958 wegens ernstig wangedrag ontslagen en tot zes maanden gevangenisstraf veroordeeld.

Sonkosi zou deze man in juli 1960

● *Vervlog op bladsy 21*

Geen „Slavenkampen" in Zd.-Afrika

● *Vervolg vanaf bladsy 20*

in het kamp als kamphoofd ontmoet hebben, terwijl Mokoena in september 1958 uit de inrichting ontslagen is . . . .

● *Werkelikheid anders*

NU de waarheid omtrent de kampen zelf! Er bestaan in Zuid-Afrika vier opvoedingsgestichten voor Bantoes. Deze hebben hetzelfde karakter als dergelijke instellingen in Nederland. De bedoeling is om de jeugdigen, *die van het rechte pad zijn afgeraakt,* te rehabiliteren door opvoeding en het leren van een ambacht. De kinderen die niet kunnen lezen of schrijven krijgen eerst schoolonderricht. De pupillen krijgen ongeveer een gulden per dag voor onderhoud, kleren e.d.

De inrichten staan onder leiding van een blanke superintendant, bijgestaan door een assistent. Dezen zijn rechtstreeks verantwoording schuldig aan de Bantoecommissaris van het district, waarin het kamp gelegen is. Laatstgenoemde moet toezien, dat de betrokken wetsbepalingen en andere voorschriften nagekom worden.

● *Misdadigers*

UITERAARD is het geen luxe vakansieoord; er zitten jeugdige misdadigers. In de vierkompen zijn 1053 pupillen. Van dezen zijn er wegens: moord 10, strafbare doodslag 8, inbrekerij 318, roof 45, diefstal 358, aanranding 33, verkrachting 27, andere gevallen 84.

Voorts zijn er nog 131 opgenomen — meestal op verzoek van de ouders — omdat ze niet normaal opgevoed kunnen worden.

Het is dus duidelijk, dat het kamp omheind is, maar „Militia Christi" maakt zich wel belachelijk met het geschrijf over „wilde honden, die het gebouw bewaken" en van „slaven, die door gewapende politie geregeld doodgeschoten worden als ze trachten te ontvlugten."

Het is allemaal uit de duim gezogen. Gedurende de tijd, die de pupillen in het Jeugkamp doorbrengen, mogen de kinderen op verzoek van de ouders korte vakanties thuis doorbrengen. Omgekeerd mogen ook de ouders de kampen bezoeken.

● *Leugens*

DE bewering, dat er duizenden pupillen („80,000!") als slaaf aan boeren worden verkocht is volstrekt gelogen.

Het komt soms voor, als er niet voldoende werk in de kampen te doen is, dat er groepen pupillen onder leiding van de kampbewaker bij een boer gaan werken. Deze boerderijen liggen dan in de buurt, zodat 's avonds iedereen weer in het kamp terug kan zijn.

In totaal zijn er rond 2500 pupillen in de opvoedingskampen opgenomen geweest. Hiervan zijn er nog ongeveer 1050 aanwezig. De grote meerderheid van degenen, die in vrijheid zijn gesteld, zijn goede burgers geworden.

Deze nuchtere feiten staan tegenover het sensatieartikel in „Militia Christi." Niets en dan ook niets is waar wat Sonkosi in „Milita Christi" beweert; De Zuidafrikaanse regering is er ten zeerste door gegriefd. Uiteraard. Wij weten nu in ieder geval wat de voorlichting in „Militia Christi" waard is.

Dat iemand het niet eens is met de apartheidspolitiek is zijn goed recht. Maar dat geeft hem nog niet het recht leugenachtige artikelen te publiceren. Wij achten het onze plicht tegenover Zuid-Afrika, deze grove leugens met de werkelijke feiten te confronteren.

(Oorgeneem uit „De Telegraaf")

— F. A. HOOGENDIJK

„EK HET DAARDIE GELUI GEVREES"

„Elke nag het ek tot die vroeë oggendure wakker gelê en vreesbevange gewag vir die wekker se gelui, want dit het vir my nog 'n dag van spanning en kommer beteken. Die lewe het 'n las geword . . . ek was uiters mismoedig. Toe het ek die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker geprobeer—en dit het 'n wonderbaarlike uitwerking gehad! Slaaploosheid en hoofpyn is iets van die verlede—en ek *sien* nou *uit* na elke dag."

'n Oorspanne senugestel kan diepliggende vrees, ondraaglike geestelike en liggaamlike lyding veroorsaak. Die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker versterk afgematte senuwees, verskaf nuwe energie en knap u hele senuwee-netwerk op, verryk die bloed en herstel brein- en selweefsel. *Voed* u senuwees met die . . .

HOE GESOND IS U SENUWEES?

Ly u aan een of meer van die onderstaande aandoenings? So ja, dan het u die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker nodig.

- Bewerigheid
- Senu-uitputting
- Slaaploosheid
- Senuswakheid
- Vrouekwale
- Prikkelbaarheid
- Senuagtige Slegte Spysvertering
- Hardlywigheid
- Voortdurende Moegheid

DR. HEINZ -SENUWEE-VERSTERKER

KALMEER EERS — HERSTEL DAN

By alle apteke vir 70c per bottel. Tablette, 70c per bottel.

PNB5023-2c

P R O S T A I T - P I L L E

verlig

MOEILIKE WATERAFLOSSING

veral onder bejaarde mans voor Moeilieke wateraflosing kom en wodr veroorsaak deur 'n geswel in die blyspypklier wat die blaaspyp toedruk. Hierdie blaasaandoening kan egter spoedig verlig word met Prostraitpille—'n uiters doeltreffende, antiseptiese middel wat vandag gereeld deur taalryke bejaarde mans gebruik word. Dit bring nie alleen makliker wateraflossing mee nie, maar ontsmet ook die urine wat agterbly en verlig beslis die pyn in die blaaspypklier.

PROSTAITPILLE

75c. per bottel

te kry by alle apteke of posvry van
N O R W O O D C O A K E R
Loopstraat 6 ——— Ladybrand

Die Verklaring Insake die Wereldraad

● *Vervolg vanaf bladsy 19*

aard nie? Weet hulle dan nie dat as *die* kerk hierdie eg-Christelike taak in die verlede nie so dikwels vergeet het nie, dat dan die situasie van die wêreld vandag wel eens heeltemal anders kon gewees het nie?

Word die proses van kerstening deur die evangelie regtig belemmer en vertydel as die kerk ook die sosiale geregtigheid nastrewe? Watter redenering! Nee, natuurlik gaan dit vir die kerk nie om die *sosiale* geregtigheid in *eerste instansie* nie, maar moet en sal hierdie geregtigheid nie des te sterker versekerd wees as die geregtigheid van God sy loop het nie?

Dit sou lyk asof ons vir ons medemense sou sê wat in Jakobus 2 vers 15 en 16 staan: As daar nou 'n broeder of suster nakend is en gebrek het aan daaglikse voedsel, en een uit julle vir hulle sou sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig; maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie — wat baat dit? En as die kerk dan „onvermydelik moet beland in politieke diplomatieke maalstroom" dan moet die kerk dit maar aanvaar in rustige vertroue op sy Heer en Meester.

Wat betref die Wêreldraad en die V.V.O. sou ek graag kortliks die volgende wou opmerk.

Die Wêreldraad het een van sy organe, die C.C.I.A. (Central Committee for International Affairs) by die V.V.O. Is dit nou verwerplike politiek? Word die kerk dan onvermydelik meegesleur deur verdoemenswaardige politiek hartstogte? Of is dit nie veel meer presies dieselfde as wanneer 'n dokter sy stetoskoop sit op die hart van 'n pasiënt om noukeurig te luister of die pasiënt gesond is, of alles in orde is nie? Die internasionale kontakte van die Wêreldraad en die V.V.O. is presies daardie stetoskoop waardeur die gemeenskap van kerke dwarsdeur die wêreld luister na simptome van ernstige krankhede wat hierdie wêreld mag hê. „De C.C.I.A. (is) een exercitieveld voor de christelijke ethiek in concreto, waarvoor men alleen maar dankbaar kan zijn. Want het is voor de kerk allerminst eenvoudig op dit gebied een wachtersambt te vervullen waarop zij door haar structuur en verleden zo weinig is berekend". (Prof. Dr. Patijn in Oecumene in 't Vizier, bls. 142).

„Wat moet het getuigenis der kerk zijn, die vergadering van vreemdelingen en bijwoners op deze aarde in het strijdperk der wereldse machten? De kerken zijn niet onderworpen aan de categorieën der geschiedenis, maar zij maken wel deel uit van de historische bedeling. Zij zijn niet *van* die geschiedenis, maar wel *in* de geschiedenis. Dit betekent dat wij de historische alternatieven, ook die van het politieke leven van dag tot dag au sérieux moeten nemen als het materiaal waarmee wij als mens moeten werken". (dieselfde bls. 147.)

Dit is voorwaar op sy bes 'n halwe waarheid as die verklaring sê dat die Wêreldraad hom volkome vereenselwig met humanistiese en onbybelse filosofie van die wêreldmening, soos uitgedruk deur die V.V.O." Inteendeel, het die samestellers dan nooit van Hongarye gehoor, nòg van wat in China aangaan, nòg van die onderdrukking van die Protestante in Suid-Amerika, die moord op predikante in Angola, Cyprus ens., nie? Het die Wêreldraad in al hulle gebeurtenisse gedwee stilgebly? Speel die Wêreldraad 'n „diplomatieke spel"? Inteendeel, die Wêreldraad beweeg hemel en aarde juis om van hierdie soort spele vir goed verlos te word. Weet die opstellers dan nie van die moedige veroordeling van die „spel" van die kernbome, wat die Wêreldraad met groot moed uitgespreek het nie?

So sou ek kan voortgaan. Almal vrae, wat 'n mens sou kon verlei om die laaste vraag te stel: of dit nog maar alleen gebrek aan kennis is, of alreeds die onwil begin nader.

Iemand wat gereeld die publikasies van die Wêreldraad lees en bestudeer en hulle naas dié van die V.V.O. lê, sal onmiddellik sien dat dit nie reg is nie as die verklaaring skryf: „Waar die V.V.O. spreek, spreek die Wêreldraad, soos die V.V.O. spreek, spreek ook die Wêreldraad". Maar ja, wie van die samestellers van die „verklaring" lees gereeld hierdie stukke wanneer en wat die Wêreldraad spreek en waarin hy verslag en verantwoordig doen van sy werk? Ek wed : nie een nie. Want as dit wel so sou wees, dan sou die verklaring vir my 'n volkome raaisel wees.

Ek wil die opregtheid en die goeie bedoelings van die opstellers van die „verklaring" nie betwyfel nie — dit tog nie — maar ek kan nie anders as die inhoud daarvan ten sterkste teenstaan, omdat dit nie ooreenkomstig die waarheid is nie. Ek hoop die samestellers begryp my standpunt en wil my verskoon dat ek gemeen het om daarop te moet wys, omdat Magna est Veritas et Praevalebit. Ons wil eindig deur nog eenmaal Prof. Patijn aan te haal as hy sê: „Wat is die aard van die arbeid? Moet het zijn ‚pure' of ‚responsible'? Als het kan, beide, als het niet kan, ‚responsible'! De rest is niet in onze handen, maar in dié van God."

— *J. F. STUTTERHEIM*

Hy, vir wie die woorde *hel* en *duiwel* geen betekenis het nie, het nie die diepte van die lewe en ook nie die diepte van die liefde van God gepeil nie. Hy is miskien 'n welmenende Christen, maar hy weet nie van die diepste angs en nie van die saligheid van die verlossing nie.

— *Prof. G. van der Leeuw in 'n artikel oor die woorde uit die Geloofsbelydenis: „neergedaal na die hel toe."*

Jode en Christene is onlosmaaklik verbind. Die vyandskap teen die Jode ontstaan uit die ontkenning van dié saamhorigheid. Dit het een van die vernaamste oorsake van die Jodevervolging geword. Jesus van Nasaret word veraai as mense uit die Joodse volk, waaraan Hy behoort het, as Jood geminag word. Elke vorm van vyandskap teen die Jode is goddeloos en lei tot selfvernietiging.

Teenoor die foutiewe, in die kerk eeuelange verbreide opvatting dat God sy volk verwerp het, staan ons opnuut stil by die woord van die apostel : God het sy volk nie verstoot nie, wat Hy tevore geken het (Rom. 11:2). 'n Nuwe ontmoeting met die deur God verkore volk sal die insig versterk of opnuut laat ontwaak, dat Jode en Christene saam deur die trou van God lewe, dat hulle Hom loof en Hom in die lig van die Bybelse hoop orals onder die mense mag dien.

— *Uit 'n verklaring tydens die groot kerkdag in Berlyn gedurende die jaar 1961.*

Koop al u boeke

by

H A U M

Posbus 460

PRETORIA

Jerusalem Athene

● *Vervolg vanaf bladsy 14*

Genève met sy Wêreldraad van Kerke wil ook die ekumene dien, en wil soveel kerke as moontlik met die mees uiteenlopende belydenis en kerkorde en geskiedenis saambind deur een band. Maar van hierdie Wêreldraad van Kerke sal die ware ekumene ook nie uitgaan nie. Daarvoor het dit te veel die verlengstuk van die organisasie van Verenigde Volke geword en spreek dit te veel soos hierdie organisasie wil hê dat dit moet spreek, soos duidelik geblyk het met Sharpeville en die Kongo. Net soos die V.V.O. het ook die Wêreldraad toe met twee mate gemeet. Blykbaar word in die kringe van die Wêreldraad van Kerke te veel gevra : Wat sê die V.V.O. en wat sê die wêreldpers? Maar 'n kerk moet soos die profeet op sy wagtoring gaan staan om te luister wat God tot hom wil spreek (Habakuk 2:1).

As nie vanuit Rome en ook nie vanuit Geneve die ware ekumene sal uitgaan nie, van waar dan wel? Ons meen — en dit op Bybelse gronde — dat dit sal uitgaan van Jerusalem, die stad van God wat soos die Seun van God deur die mens in sy grootheidswaansin verag, maar deur God verkies en bemin word.

Nou sien ons daar wel niks van nie. Jerusalem verwelkom die Seun van Dawid nog nie op sy strate nie, en Israel buig die knie vir Hom nog nie, maar Hy, wat mag het om uit klippe kinders vir Abraham te verwek, het ook mag om Sy Gees te laat blaas oor die dooie bene van Israel en hulle tot nuwe lewe te verwek (Eseg. 36 en 37) en hulle tot Hom terug te bring om hulle tot 'n God te wees en „vir ewig in hulle midde te wees" (37:28). Vanuit Jerusalem sal dit dan word een Herder en een kudde. (vers 24). En dit sal die ware ekumene wees.

—*Joh. Dreyer*

VERNIETIG AAMBEIE

Nuwe, Amerikaans geformuleerde CHINAROID stop die pyn en gejeuk van aambeie binne 10 tot 20 minute. Die spesiale, antiseptiese bestanddele laat seer, geswelde weefsels gou krimp en gesond word. Dan kan u in gemak werk, ry, loop en sit. Beëindig u lyding vandag nog. Koop CHINAROID by die apteek.

— BOEKBESPREKING —

Eugene Naude: DIE DONKER LAND. Uitgegee deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

Hierdie mooi, spannende roman wat hom in dié Suid-Amerikaanse staat Bolivia afspeel, is 'n uitgawe van die Voortrekker-Boekklub en vir die lede daarvan is die prys 8/6. Vir nie-lede is die prys nie vermeld nie.

Ons beveel dit graag aan. Dis gesonde lektuur en mooi uitgegee.

* * *

Van die firma CALLENBACH, Nykerk, Nederland, het ons die volgende publikasies ontvang:

1. *Ds. H. A. Visser:* IK GEDENK U UIT HET LAND DER JORDAAN. Prys f8.90.

Vir die bekende Amsterdamse predikant het ons hierdie preke wat in die Westekerk gehou is. Die preke is gebore in die Amsterdamse Jordaan wat veral voor die jongste wêreldoorlog die Jodebuurt van Amsterdam was en waar die beroemde skilder Rembrandt ook gewoon het.

Die Dominee kan goed preek. Sy taal is fris en verstaanbaar vir die mens van die twintigste eeu. Hy is belese en maak goeie gebruik van sy kennis. Die behandeling van sy stof is prikkelend en onderhoudend. Eksegeties is dit goed versorg.

Dit is in vyf hoofstukke ingedeel: Oor die gewone lewe (4), oor Simson (4), oor Jona (4), oor die kerk (5) en oor tussen ou- en nuwejaar (4), altesaam 21 oordenkinge.

Die uitgawe is keurig versorg soos ons dit van Callenbach gewoon is.

* * *

2. *Dr. P. A. van Stempoort:* „DE BRIEF VAN PAULUS AAN DE GALATEN." Tweede hersiene en aanmerklik uitgebreide druk. Prys 12.50, by intekening op die serie f11.50.

* * *

3. *Dr. E. L. Smelik:* „DE BRIEVEN VAN PAULUS AAN TIMOTHEUS, TITUS EN FILEMON. Derde hersiene druk. Prys f10.50, by intekening op die serie f9.50.

Dat hierdie twee uitgawes van die reeks „De prediking van het Nieuwe Testament" twee en drie herdrukke belewe het, getuig van die waardering van die lesers vir hierdie twee wetenskaplik en eksegetiese goed versorgde werke. Albei skrywers het hulle in die wetenskap van die Nuwe Testament laat geld as geleerdes na wie met vertroue opgesien kan word as manne wat op hulle gebied leiding kan gee.

Hierdie uitgawes, en ook die hele reeks, kan nie te sterk aanbeveel word nie by al wat teoloog is en by alle ontwikkelde ondersoekers van die Heilige Skrif.

Die uitgewers is keurig versorg.

— *JOH. DREYER*

HARTKWAAL

DIE HART kan bes beskryf word as 'n groot spier met vier hol kamers. Sy werk is om bloed te pomp deur die hele liggaam.

HARTKWAAL beteken in werklikheid dat die Hartklappe nie behoorlik oop en toe gaan nie — gewoonlik omdat hulle verwronge geraak het as gevolg van Sinkingskoors.

DIE HARTSPIERE het van tyd tot tyd 'n versterkmiddel nodig en geen veiliger tonika bestaan in enige bekende vorm dan die DR. ALLENS - WATERSUG PILLE.

WATERSUG kan veroorsaak word deur een of ander Nier- of Leweraandoening. In albei die gevalle sal die **Watersug-Pille** uitstekende resultate lewer.

Gebruik die DR. ALLEN-WATERSUG-PILLE vir Hartkwaal, Swak Hart, Watersug, Algemene Verswakking, Vatbaarheid vir Verkoues, Lae en Hoë Bloeddruk.

DR. ALLENS-WATERSUG-PILLE kos 75c. per bottel posvry van NORWOOD COAKER, Posbus 89, LADYBRAND. Ook voorradig by die meeste aptekers

PNB 8544 AR

'N DEEL VAN DIE VERSLAG VAN DIE RAAD VIR DIE ARBEID ONDER ISRAEL

Voorgelê aan die Jongste Alg. Kerkvergadering

Hoogeerwaarde Voorsitter en broeders,

Die Raad vir die Arbeid onder Israel rapporteer as volg oor sy werksaamhede:

Kortliks volg hier 'n samevatting van die vraagstuk en 'n aanduiding van die rigting waarin die Raad dink en werk:

Oor die *status van Israel* bestaan daar binne die Protestantisme groot meningsverskil. Aan die een uiterste staan die opvatting, wat veral in die Chiliasme byval vind, dat Israel 'n besondere posisie beklee, uitgesonderd van alle ander volke, en dat die Bybel vol is van allerlei beloftes in verband met hierdie status en die toekoms van Israel. Aan die ander uiterste staan die opvatting dat Israel volgens die Skrif geen besondere status besit nie, en dat die kerk as „nuwe Israel" die Israel van die verkiesing vervang het. Dit impliseer dat met die koms van Jesus Christus die roeping van Israel afgehandel is en dat Israel nou saam met al die ander (heiden) volke objek van die sendingwerk van die kerk moet wees. Teen die eerste opvatting het die kerk hom gerig in die Augsburgse en Tweede Helvetiese Konfessies. Origens het die kerk geen belydenisuitsprake in hierdie verband gemaak nie. Veral sinds die laaste wêreldoorlog het die vraagstuk van Israel weer sterk op die voorgrond getree, mede omdat die Joodse geskiedenis 'n nuwe fase betree het. Omdat die huidige spraakverwarring op kerklike erf, en die verskillende aanpak van die taak van die kerk teenoor Israel, die gaande gevolge het vir die houding van Israel teenoor die kerk, is dit gerade om Skrifgebonde te dink en te werk in hierdie opsig.

Die Heilige Skrif leer dat daar twee gestaltes van Israel is, nl.:

1. *Dié Israel wat homself skaar rondom die kruis van die Messias en in die erkenning van sy eenmalige, beslissende heilsgestalte sy eie verkiesing VAN EWIGHEID AF bely, d.i. die kerk, wat uit Jode en heidene vergader is; en*

2. *dié Israel wat sy eie verkiesing ontken het in die afwysing van die gekruisigde Messias, d.i. die Jode, maar wat nie daarom opgehou het om Israel te wees nie. Albei hierdie gestaltes van Israel bestaan nie op grond van eie keuse nie, maar op grond van die barmhartigheid van God. Daarom aanvaar die Skrif nie die verharding van Israel as die laaste woord in die goddelike heilsplan nie, maar laat die laaste woord aan die barmhartigheid van God wat Self Sy heilsplan tot afsluiting sal bring.*

Ook oor *die taak van die kerk teenoor Israel* bestaan daar geen eenstemmigheid nie. Behalwe in die kringe van diegene wat van opvatting is dat Israel soos enige ander nie-Christelike volk voorwerp van die kerk se sendingarbeid moet wees, skyn die opvatting veld te wen dat Israel anders benader moet word as die heidenvolke. In Nederland word vir hierdie nuwe benadering die term „gesprek met Israel" gebruik. Verskillende groepe Jode-Christene wat aktief in die staat Israel en elders die evangelie dien, verkies om hulle nie formeel aan 'n kerk te verbind nie, ten einde as Jode teenoor Jode te kan spreek. So bestaan daar reeds verskillende Joods-Christelike sinagoges. Hier te lande het die Ned. Gereformeerde Kerk van die Kaap reeds jare 'n beperkte sendingaksie teenoor die Jode aan die gang.

Die aanvaarding van Israel deur die kerk as *broer* moet voorop staan in die verhouding van die kerk teenoor Israel. Vandaar uit kan die kerk begin om sy roeping as kerk te gehoorsaam, nl. om in sy *bestaan en handeling* teenoor Israel getuie te wees van die barmhartigheid van God. Veel kan geleer word uit die optrede van die vroeë kerk teenoor die Jode, wat steeds sy verkondiging in tempel en sinagoge begin het. Die beskuldiging teen Paulus (Hnd. 24:5) dat hy „verwekker van oproer onder al die Jode van die wêreld" is, moet van die kerk waar bly solank as wat die spanning tussen die twee gestaltes van Israel bestaan, d.w.s. totdat God in sy barmhartigheid die afgebreekte takke weer ingeënt het (Rom. 11: 17vv).

Ten einde geleidelik in die rigting van hierdie gehoorsaamheid te beweeg, gee die Raad die volgende ter oorweging:

1. *Voorligting van die kansels af en in die vergaderings van die kerk oor die taak van die kerk in hierdie opsig.*

2. *Verbreking van die isolement waarin die lede van die kerk hulle bevind ten opsigte van hulle Joodse naastes. Daartoe kan aandag en meelewe in tye van nood veel bydra.*

3. *Die verkondiging van Christus as Messias van Israel, in die aanvaarding van Wie Israel sy bestemming vind. Met hierdie verkondiging moet die kerk hom tot die Joodse oor rig.*

4. *Meelewe as broeders met die Israel van vandag as geheel.*

U Raad lê hierdie gedagtes in u midde met die hoop dat dit mag bydra tot helderheid binne die kerk oor hierdie dringende vraagstuk wat so naby aan die wese van die kerk lê, en hoop daarmee sy opdrag uit te gevoer het.

U dienswillige dienaars in Christus.

J. G. M. Dreyer
E. S. Mulder
B. J. Engelbrecht
A. S. Geyser
J. P. Oberholzer

('n Deel van die verslag word hierby as voorligting aan die kerkrade en gemeentes geplaas. — Die Red.)

DRUKWERK

Probeer altyd eerste die

N.H.W. - PERS
POSBUS 171
HUMANSTRAAT 55
KRUGERSDORP
Tel. 660-5916/7

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Vier Eeue Oud

● *Vervolg vanaf bladsy 8*

ii) Hieruit is dit ook duidelik dat die egte belyder nie mag swyg oor die waarheid van God nie, anders sou hy *die eer van God* te kort doen. Dit kan gebeur dat die waarheid van God onderdruk en verdraai word en dat die eer van God gekrenk word deur die mag van die owerheid, deur die dwaalleringe van sektes of deur die leer en die seremonies van 'n ander kerk. Indien die kerk in sy belydenis nie hierdie dinge openlik in die openbaar weerspreek nie, dan is dit duidelik dat die kerk hom skaam vir die Evangelie van Jesus Christus en sy eie eer en veiligheid bokant die eer en waarheid van God stel. Dit is om hierdie rede dat die ware belyders nie bang was om in die openbaar die waarheid van God te bely nie, al sou dit ook beteken dat hulle gemartel en doodgemaak sou word. Hulle het die waarheid van die Bybelwoord besef dat 'n mens tog nie 'n lamp opsteek en onder 'n maatemmer wegsteek nie; hulle het geweet wat dit beteken as iemand die hele wêreld wen, en skade ly aan sy siel; hulle wou eerder vermink in die koninkdyk van God ingaan as om daarbuite te bly sonder letsel. Daarom het hulle die martelaaskap en die dood verkies ter wille van die openlike belydenis van God se waarheid en eer.

iii) Derdens is die egte belydenis altyd gerig op *onderrig in die suiwere, evangeliese leer.* Die egte belyder weet dat hy 'n opdrag het, 'n opdrag om die waarheid van die evangelie van Jesus Christus oral en aan almal te laat klink. Uit Matt. 28 vers 19 weet hy dat hy almal wat die evangelie nog nie ken nie (of nog nie genoegsaam ken nie) moet leer aangaande die waarheid van hierdie evangelie . aan die kinders wat die evangelie nog nie ken nie; aan die owerheid en volk wat die evangelie nie ken nie. Die egte belyder weet dat baie smart, lyding, ongeregtigheid en dikwels ook vervolging spruit uit die onkunde aangaande die waarheid van God. Daarom is die belydenisgeskrifte dan ook samevattinge van die hoofpunte van die Christleike leer om daaruit kinders, volk en owerheid te onderrig om sodoende die onkunde aangaande die waarheid van God uit die weg te ruim en ook al die genoemde slegte gevolge van hierdie onkunde. Daarom is belydenisgeskrifte dan ook leerboeke, leerboeke vir die predikante, die gemeente, die volk en die owerheid.

II. DIE ONTSTAAN VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFS-BELYDENIS.

(a) Hierbo het ons nou aangetoon dat die Nederlandse Geloofsbelydenis een van ons kerk se belydenisgeskrifte is en ons het gewys watter plek dit as belydenisgeskrif inneem. Tweedens het ons aangetoon wat die hoofkaraktertrekke van so 'n kerklike geloofsbelydenis is.

(b) Indien ons nou let op die geskiedenis van die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbelydenis, dan sien ons dat dit 'n uitmuntende voorbeeld is van 'n egte, suiwere kerklike belydenis, en dat dit aan al die genoemde karaktertrekke voldoen.

(c))As ons nou die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbeydenis teen die raamwerk van die Kerkhervorming nagaan, dan vind ons die volgende:

(i) Die Kerkhervorming was naamlik 'n beweging om vanuit die Heilige Skrif die kerk te suiwer van alle lelike en mooi menslike leringe en bygelowe en om die hele lewe in te rig *alleen volgens die Woord van God.* Die Woord van God was vir hulle die enigste bron van hulle kennis tot saligheid en die enigste rigsnoer en toetssteen vir hulle geloof en lewe. Dat dit ook die bedoeling van die Nederlandse Geloofsbelydenis is, blyk duidelik uit bv. artikel 7 waar ons onder andere lees: „Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God *volkomenlik* bevat en dat *alles* wat die mens moet glo om gered te word, daarin *genoegsaam* geleer word". Dit is „duidelik genoeg dat die leer daarvan (van die Heilige Skrif) *geheel volmaak* en in *alle* opsigte *volkome* is." Niks wat menslik is, hoe goed en „heilig dit ook al mag wees" (bv. „geskrifte van mense", „gewoonte", „die groot menigte of oudheid op die opvolging van tye of persone of die konsiles, verordeninge of besluite") m.a.w., selfs nie die beste wat mense kan voortbring, mag gelykgestel word met die Woord of waarheid van God nie.

Hieruit blyk dit duidelik dat die Woord van God ook vir die Nederlandse geloofsbelydenis die enigste en volkome bron en rigsnoer vir die saligmakende geloof is. Maar dit is ook die enigste riglyn en toetssteen vir ons lewe. Daarom word die Nederlandse Geloofsbelydenis dan ook in sy titel genoem 'n belydenis van almal in die Nederlande „wat na die suiwerheid van die Heilige Evangelie van ons Here Jesus Christus *wil lewe".* (Alle kursiverings van ons — B.J.E.). Maar nou is dit nie so dat die Nederlandse Geloofsbelydenis alleen maar sê dat dit die hele geloof en lewe volgens Gods Woord wil inrig nie. Ook wanneer ons dit lees, dan sien ons dat dit ook wat die *inhoud* betref, vol is van die woorde en gedagtes van die Bybel. Dit begin al dadelik met die woord: „Ons glo met die hart en bely met die mond . . . . ." Hierdie woorde is 'n aanhaling uit Rom. 10 vers 9 en 10, terwyl in hierdie woorde daar 'n duidelike herinnering is aan die Bybelse gedagtes van Matt. 10 vers 32 en 33, 2 Kor. 3 vers 6. Hebr. 10 vers 38, Hebr. 13 vers 15, Ef. 3 vers 10, I Petr. 2 vers 9, Psalm 111 vers 1 en I Tim 3 vers 15. En nou is dit nie maar net so met die beginwoorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Soos in so baie geskrifte van die Kerkhervorming is dit 'n vreugde vir die Nederlandse Geloofsbelydenis om die nuutontdekte Woord van God in vryheid en veelvuldig te laat klink.

(ii) Maar as ons nou die beweging van die Kerkhervorming noukeurig nagaan, dan sien ons dat daar in die midde van die egte Kerkhervormers ook mense was wat gemeen het dat die Kerkhervormers nie ver genoeg gaan en nie radikaal genoeg is in hulle denke en optrede nie. Hierdie mense was die sektes waarvan die Wederdopers die vernaamste was. Hierdie mense wou baie verder gaan in hulle hervorming van die Roomse kerk en in die maatskappy as wat die Kerkhervormers wou en kon gaan. Hulle (die sektes) kon dit doen omdat hulle nie soos die Kerkhervormers die *hele* Skrif (Ou en Nuwe Testament) in sy *hele samehang* wou laat spreek nie. Hulle het bv. Calvyn, Beza en De Brés verwyt dat hulle in hulle opvatting oor en optrede teenoor die burgerlike owerheid te veel aan die Ou Testament gebonde is. Die Wederdopers het dus dikwels net dié Skrifgedeeltes en tekse gevat wat hulle standpunt gepas het. Buitendien het hulle baie klem gelê op die onmiddellike leiding van die Heilige Gees los van die Skrif, terwyl die Hervormers hulle ook i.v.m. die leiding van die Heilige Gees streng gebind het aan die hele Skrif in sy volle samehang.

Om hierdie rede kan die Wederdopers so radikaal wees. Hulle wou 'n gemeente sonder rimpel of vlek stig, en omdat hierdie gemeente volmaak sou wees, sou die burgerlike owerheid nie nodig wees nie. Hierdie gemeente moes alleen geregeer wees deur die leiding van die Heilige Gees n.a.v. sekere Bybeltekse. Daarom het hulle gepoog om alle gesag af te gooi, die gesag van die Roomse kerk sowel as van die burgelike owerheid. So het Jan Matthijse en Jan van Leyden dan ook so 'n „koninkryk van Sion" en „nuwe Jerusalem" in 1533 in die stad Munster gestig. Deur hulle strenge optrede en radikale hervormings het daar onbeskryflike verwaring en anargie ontstaan.

● *Vervolg op bladsy 28*

Nederlandse Geloofsbelydenis Vier Eeue Oud

● *Vervolg vanaf bladsy 25*

Kortom, hierdie Wederdopers was nie net revolusionêr teenoor die Roomse kerk nie, maar was ook staatsgevaarlik. Die biskop het ook reg gehad toe hy hulle met geweld in 1534-1535 in Munster onderdruk het.

(iii) Nou is dit te verstane dat die egte Kerkhervormers dikwels deur die Roomse kerklike en burgelike owerheid met mekaar verwar is en dat *alle* hervormdgesindes dikwels as staatsgevaarlike revolusiemense gesien is en dan ook vervolg, gemartel, verbrand en op ander maniere ten dood gebring is. Dit is daarom ook te verstane dat alle dogmatieke van Kerkhervormers en hervormde belydenisse altyd 'n artikel bevat het oor hoe hulle die wese en taak van die burgelike owerheid sien. So is dit bv. in die Franse Geloofsbelydenis, so in Calvyn se leerboek, die Institutusie, so in die werke van Beza en van De Brés en so ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 36).

(iv) In die jaar 1555 het koning Philips II van Spanje opvolger geword van Karel V en so het hierdie martige vors ook heer van die Nederland geword. Philips was, na Roomse standaarde gemeet, 'n vroom toegewyde man wat as monnik en keiser sy godsdienstige pligte nougeset nagekom het. Sy dierbare Roomse geloof het hy bo alles gestel en hy was bereid om alles daarvoor op te offer al moes dit ook die lewens van baie mense kos. In Philips se tyd beleef die vervolging van Jode en Protestante dan ook 'n hoogbloei.

(v) Dit is teen hierdie agtergrond dat die Nederlandse Geloofsbelydenis ontstaan. Die Spaanse owerheid het naamlik opdrag gegee aan die bevelhebber van die kasteel te Doornik in Vlaandere, asook aan twee kommissarisse, om ondersoek in te stel na die beweging van die Hervormers aldaar. Nou is die gevaar (soos hierbo uiteengesit) groot dat die egte Hervormers verwar kan word met die staatsgevaarlike sektemense. Trouens, dit het ook gebeur, en tallose vervolgings, inhegtenisnemings, martelinge en verbrandings het plaasgevind.

Dit is in hierdie omstandighede dat Guido de Brés die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1559 opgestel het, Hy het die Franse Geloofsbelydenis van 1559, wat teruggaan op 'n ontwerp wat deur Calvyn self opgestel is, as voorbeeld gebruik. Eerstens is sy bedoeling om aan te toon wat die geloof van die Hervormers eintlik is. Hy wil aantoon dat die Hervormeds op grond van die Heilige Skrif nie anders kan glo as wat hulle doen nie. Dit is vir hulle 'n saak van lewe en dood en hulle mag nie swyg nie. Eerstens moet hulle hulle geloof afgrens teenoor die ketterye van die Wederdopers en aantoon dat hulle nie daardie staatsgevaarlike sekte is nie. Hulle sê in hulle brief aan die koning dat „onse vyande u die ore met soveel valse aanklagte en rapporte vervul het". As dit alles waar sou wees, bv. dat hulle „oproerige mense is wat niks anders begeer as om alle politieke of burgelike regering te breek en verwarring en vermenging in die wêreld wil bring", dan het die koning alle reg om hulle te vermoor, te verbrand en vir die diere te gooi. Maar „ons wil nou voor God en Sy engele getuig dat ons niks hoër begeer as om onder die gehoorsaamheid van die owerhede met 'n reine gewete te leef, God te dien en ons na Sy Woord en heilige gebooie te hervorm nie." Hulle wil aan niks anders as Gods Woord glo nie. en sê die Evangelie dan nie dat hulle moet bid vir die owerheid nie. Hulle doen dit daagliks en uit Rom. 13, Spreukers 8 vers 15 en die geskiedenisse van Samuel weet hulle dat die owerheid 'n instelling van God self is, en wie die owerheid weerstaan, weerstaan die ordinansie van God. Uit Matt. 22 vers 17 weet hulle dat hulle aan die keiser moet gee wat aan die keiser toekom. En dieselfde dinge wat hulle in hulle brief

● *Vervolg op bladsy 29*

Reis per trein — en geniet die verandering!

U kan vanjaar uitvind hoe om kommervry saam met u gesin vakansie te hou. Sluit net die huis toe en spring almal—ja, selfs u troeteldiere—in die trein. Reiskoste? Billik! Gemak? Beenrek-gerief! En u motor kan ook saamgaan teen die geringe konsessietarief. Afleweringstye vir motors nou gewaarborg.

Telefoneer of besoek u naaste Spoorwegreisburo sonder verwyl.
Die Spoorwegreisburo's reël allesinsluitende toere per toerbus, trein, vliegtuig, boot of safarimotor, sowel as hotelakkommodasie; ook lug- en seereise na enige bestemming ter wêreld.

BLOEMFONTEIN:
African Life-gebou,
Kerkstraat 52,
Telefoon 6352

PIETERMARITZBURG:
City Permanent-gebou,
Langemarkstraat 206,
Telefoon 2-3772

PORT ELIZABETH:
Jettystraat 34,
Telefoon 2-2233

PRETORIA:
Merino-gebou,
Pretoriusstraat 239,
Telefoon 27760/73-2761

OOS-LONDEN:
Oxfordstraat 91,
Telefoon 3606

KAAPSTAD:
Adderleystraat,
Telefoon 3-2562

KIMBERLEY:
Stockdalestraat 6,
Telefoon 6026

JOHANNESBURG:
Suidstasie-gebou,
Joubertstraatingang,
Telefoon 22-3930 en
Corporation-gebou,
Commissionerstraat 105a,
Telefoon 23-0970

GEORGE:
Amalgamated Motors-gebou,
Yorkstraat,
Telefoon 170

DURBAN:
S.A.S. Administratiewe-gebou,
Smithstraat 202-206,
Telefoon 82-2910/912

VZ002852/3

Nederlandse Geloofsbelydenis . . .

● *Vervolg vanaf baldsy 28*

sê, bely hulle ook as hulle geloof in artikel 36 van hulle belydenis.

Op hierdie wyse grens hulle hulle af teenoor die dwaalleer van die Wederdopers i.v.m. die burgelike owerheid, en pleit hulle vir billiker behandeling.

Maar hulle grens hulle ook af teenoor die dwaalleer van die Roomse kerk. Hulle het die suiwerheid van die evangelie en die kerk vertroebel deur allerlei menslike bepalings, voorskrifte en bygeloof. Hulle (die Hervormers) wil alleen glo en leef volgens die suiwere Woord van God. Hulle sal alles, liggaam en goedere (volgens Mtt. 22 vers 17) oorgee aan die koning aan wie dit toekom. Die koning moet hulle tog net toelaat om aan God te gee wat God toekom. Op hierdie punt staan hulle onwrikbaar. Liewer as om dit prys te gee, sal „ons ons ruy vir die sweep, ons tong vir die messe, ons mond vir die stang en ons hele liggaam vir die vuur aanbied, wetende dat wie Christus wil volg, sy kruis moet opneem".

Die vraag is net: Waarom swyg hulle dan nie liewer nie? Die antwoord is: Ons mag nie swyg nie; ons mag nie, omdat juis die Evangelie wat hulle bo alles stel, hulle daartoe dwing om te getuig en te bely. Sê I Petr. 3 dan nie dat hulle *altyd* bereid moet wees om aan elkeen wat daarom rekenskap vra, van die hoop wat in hulle is, rekenskap te gee nie? Sê Markus 8 en Luk. 9 nie dat as ons ons skaam vir die Evangelie voor die mense, die Seun Hom vir ons sal skaam in die heerlikheid van Sy Vader nie? En sê Matt. 10 dan nie dat as ons Hom voor die mense bely, Hy ons voor Sy hemelse Vader sal bely nie, en as ons Hom voor die mense verloën, Hy ons voor Sy Vader sal verloën nie? Daarom mag hulle, soos alle egte belyders, nie swyg nie, omdat die Woord van God, wat vir hulle bo alles is, dit vra.

Op hierdie wyse wil hulle voor die volk en owerheid getuig en so die onkunde uit die weg ruim asook al die vervolging wat daaruit voortvloei. So word hierdie belydenis dan ook 'n leerboek.

Die merkwaardige van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit : Menslik gesproke sou alleen die pleitbrief aan die koning en art 36 genoeg gewees het om daarmee te vra dat hulle nie so vervolg, gemartel en vermoor moes word nie. In werklikheid is hierdie brief nie deel van die Geloofsbelydenis nie en is art. 36 maar één van die baie artikels. Hierdie Hervormers het hulleself verdedig deur hulle *hele* geloof in Jesus Christus op grond van die Skrif te bely. Die tydelike omstandighede van vervolging en marteling het verbygegaan. Daarom is Philips en die omstandighede te Doornik alleen van historiese belang. Maar die volle inhoud van die suiwere geloof waarmee hulle hulle verdedig het, is vandag nog — na 400 jaar — lewend en aktueel.

— *Prof. Dr. B. J. Engelbrecht.*

GEMEENTE OOS - LONDEN

Op 8 Januarie 1961 is die oudste lidmaat van ons gemeente oorlede, nl. br. Ferdinand Frederick August Loppnow.

Hy is op 20 Desember 1866 naby Oos-Londen op Fort Jackson gebore, en in hierdie omgewing het hy groot geword, geboer en transport gery. Hy was 'n tyd lank blind gewees, maar afgesien van sy hoë ouderdom het hy nog 'n operasie aan beide oc ondergaan, wat geslaag was.

Op die foto verskyn hy saam met sy vrou Gertruida Petronella Jacoba (geb. Halgrein) wat hom tot op sy laaste dag getrou en met diefde bygestaan het.

Hulle was 'n groot steunpilaar vir die Ned. Hervormde gemeente in Oos-Londen, en selfs nou nog dra „tant Girt" by tot die menige pogings wat die N.H.S.V. op tou sit in diens van die gemeente. Die ywer en onbaatsugtige diens van hierdie stoere voorgeslagte sal altyd tot aansporing dien vir die komende geslagte.

ALMAL afhanklik van Versekering!



DIE SKOOLSEUN—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

DIE STUDENT—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

DIE EGPAAR—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

DIE WEDUWEE—vir 'n leeftog vir haarself en haar kinders, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

DIE BEJAARDE—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

Vir ELKEEN is daar 'n SANLAM-Polis!

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MAATSKAPPY

V&R CO.699b

Pyn se Moses

OTTO

se Vyf-aksie Senuwee Pyn Poeiers

Prys: (1/9) 17½c. en (3/9) 37½c.

Nie net 'n gewone Hoofpyn Poeier nie

Seker die enigste pyn poeier met vyf bestanddele en elkeen vir 'n sekere doel.

Duisende word elke dag vervaardig en verkoop. Is u een van die verbruikers? Indien nie, probeer Otto's vir Hoofpyn, Jig, Rumatiek, Verkoue, Heupjig, Koorsagtigheid en enige ander pyn.

Otto's verlig pyn binne enige oomblikke, Otto's bring genesing aan en verban pyn. Otto's verskaf deursettingsvermoë, Otto's kalmeer en voed die senuwees, Otto's breek verkoue en koors.

As daar nie pyn en moeilikheid in die wêreld was nie, sou alles uit pret bestaan het. Ongelukkig is die grootste vyand PYN. Die vyand van alles wat leef en asem haal. Ja, pyn wat genot vernietig, die lewe bemoei en swartgalligheid verwek en selfs kan leit tot senuweewrakke.

Maar vra uself of dit nodig is in die moderne wêreld. Nee, glad nie! Hou net 'n pakkie Otto se poeiers byderhand, die vyfaksie poeier, wat pyn se moses bly, die senuwees kalmeer en lewenslustigheid verskaf.

Na jare van navorsingswerk, bied ons u aan Otto se Boegoe en Jenever Pille om die Niere en Blaas te reinig.

Prys: (3/6) 35c.

Boegoe en Jenever is welbekend. Ook die mediese waarde en smaak. Maar in smaaklose Pil vorm, is dit 'n heel ander storie. Die Pille is saamgestel, grotendeels uit die ekstrakte van Boegoe enJenever met ander stowwe om u bloed, lewer en blaas te suiwer tesame met 'n sagte lakseermiddel. Besonder goed vir Jig en Rumatiese leiers om die Pille saam met Otto se vyfaksie senuwees en pyn poeiers te gebruik.

Dr. Collin se Pille

Prys: (4/6) 45c.

vir GAL en LEWER

Blankende gesondheid is die *teenoorgestelde* van die volgende klagtes.

Nare Hoofpyne.
Gal aanvalle.
Bitter mond.
Aangepakte tong.
Hardlywigheid.
Vlekke, Puisies, ens.,
Vlekkies voor die oë.
Opgeblaaste gevoel.
Lusteloosheid.
Sooibrand.
Geel gelaat.

Die Ooorsaak: Lewer, Gal en Hardlywigheid.

Gal vloeistof word deur die lewer vervaardig, en is noodsaaklik om die kos wat ons eet in 'n ryk vloeistof te help verander. Gedeelte hiervan word deur die wand van die ingewande in die bloedstroom opgeneem, wat dan krag en energie aan die liggaam verskaf.

Terselfdertyd is gal vloeistof ook die natuurlike lakseermiddel en behoedmiddel, dit verhoed die onnatuurlike vergaan van voedselware in die ingewande.

Die lewer kan te veel of te min gal vervaardig en dan volg al die vermelde moeilikhede.

Oor ryke voedsels, gemengde etes, te veel vleis, vet, en gebak veroorsaak oortollige gal wat dan in die gal blaas bewaar word, en die gevolg, al die bekende kwale bo vermeld.

Word te min gal vervaardig, is dit gewoonlik harlywigheid en 'n bleek gelaatskleur.

Dit is hoe Dr. Collin se pille saamgestel is om albei, lewer en galblaas, te reinig en u van die klagtes te verlos. Sterk lakseermiddels soos kasterolie ens., is slegs tydelike verligting.

Vir oortollige gal, wat alles veroorsaak behalwe hardlywigheid, is die behandeling stadig maar seker — Dr. Collin se Pille — Neem een pil drie keer per dag na ete vir 3-4 dae. Dan een pil soggens en saans vir 3-4 dae, dan een pil elke aand vir 7 dae. Neem elke pil saam met 'n glas vol water. Hardlywigheid kan verhoed word deur 6-8 glase water gedurende die dag te drink en dan by slapenstyd een of twee Dr. Collin se Pille.

Onthou Dr. Collin se Pille vir lewer en gal moeilikheid.

Otto se Tiemie Stroop

Prys: (2/6) 25ê.

Die Kleinspan se Vriend

Vir Hoes, Kroep, Verkoue, Koors, Kinkhoes en enige bors aandoeninge. Dié is seker die enigste Tiemie Stroop so bemark vir die gebruik van Babas en Kindertjies.

Tiemie bevat die gesonde onsmettingsmiddel naamlik „Thymol" wat kroepagtige borskwale dadelik verlig deur die slym vloeibaar te maak en verstoppings in die lugpype te voorkom. Bestanddele word ook by dié smaakvolle stroop gevoeg om koors te breek, slym op te bring, hoes te bestry en hardlywigheid te voorkom. Kindersiektes laat u skrik, maar met Otto se Tiemie Stroop is u heelveilig, vernaam as kinders vals verkoues het met tande kry.

Dié middel is uitstekend vir Babas en Kinders tot 8-10 jaar en dit is smaaklik.

Senuwees! Senuwees!

DIE ALOMBEKENDE KLAGTE IN DIE MODERNE WÊRELD!

Die antwoord: Die geurige *ROOI STROOP* — Otto se Senuwee en versterkingsmiddel.

Die algemene versterkingsmiddel vir lusteloosheid, senuweeswakheid, slegte eetlus, bloedarmoede, slaaploosheid, moegheid, bewerigheid en 'n snaakse gevoel op die maag.

Wel, indien u so voel, is Otto se Senuwee en Versterkingsmiddel u enigste toevlug!

Die Brein en Rugmurg in die hoof senustelsel. „Hulle voedsel is ryk, skoon bloed." Vanuit die ruggraat sprei die hele senuweestel, elk bedoel vir 'n sekere deel van die liggaam.

Word een of ander senuwee gestoor, of ooreis, dan volg die bovermelde kwale, gekenmerk deur die kortegebondigheid.

Die toevlug — Otto se Senuwee en Versterkingsmiddel.

DIE GEURIGE ROOI STROOP!

Die Prys: (6/6) 65c.
vir 32 dosis

Weier a.u.b. alle plaasvervangers, dring aan op die egte met hierdie geregistreerde handelsmerk. Oral verkrygbaar of direk van Apteker G. Fourie, Posbus 762, Pietermaritzburg.

besit u eie woonstel in



STRALENBERG MARGATE

dit sal u baat

★ U het die geleentheid om u eie vakansiewoonstel te bekom aan hierdie gewilde Suidkus-vakansieoord.

★ U kan veilig swem, visvang, golf speel, na die bioskoop gaan, moderne winkelinkopies doen en vermaaklikheid geniet net so veel soos u wil.

★ U het die keuse van 1-, 2-, 3- en 4-slaapkamerwoonstelle insluitende waenhuis, swembad, daktuin, groot tuine en bediendekamers.

★ Al wat u nodig het, is 'n deposito van £600 (R1200), daarna betaal u woonstel homself met die huurgeld wat hy inbring.

★ U het 'n veilige belegging en maak voorsiening vir die dag wanneer u aftree.

VUL HIERDIE KOEPON IN EN POS DIT AAN:

Die Sekretaris, Natal South Sea Investment Trust Ltd.,
Posbus 7268, Johannesburg. Tel. 835-4691.
Stuur asseblief aan my besonderhede van „Stralenberg".

NAAM : .....

ADRES : .....

..... Herv. 10/61